ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 3/2 vere et iucunde Maart 1987

# 'N KATKISASIEBOEK OP TWEE STOELE

Aan die begin van die jaar het 'n nuwe katkisasieboek in die NG Kerk vir standerd 5 verskyn. (Met 'n handleiding vir kategete wat ek nog nie klaar gelees het nie.)

Die nuwe katkisasieboek is met gemengde gevoelens ontvang — getuig o.m. 'n brief van ds. Danie O'Reilly in Die Kerkbode van 11 Maart 1987. Veral insiggewend is egter die reaksie van die skrywer van die boek, ds. Willie Botha, op ds. O'Reilly se brief. Ds. Botha wys op die volgende:

1. Dat hy en die herskrywingskommissie dit graag duidelik wou laat blyk "dat ons sekerheid buite onsself in Christus gefundeer is" en dat "die geloof of die aanneem van Christus" daarom nie "voorwaarde" of "grond" vir kindskap kan wees nie.

2. *Maar*, sê ds. Botha, die Bybel en die doopformulier stel saam met hierdie "indikatief" ook die "imperatief" van die evangelie. Hy sê die eis van bekering en geloof word nie weggeneem nie.

3. Hierdie twee kante van die evangelie kan nie verstandelik gerym word nie, en hy vermoed selfs dat dit onmoontlik is om dit te verstaan.

4. Daarom vra die skrywer van die boek ook (sy dit retories) van die Kerkbode-lesers hoe 'n mens dit aan standerd vyf-katkisante moet verduidelik.

5. Ds. O'Reilly spreek in sy brief sy verwondering uit dat dr. Flip Theron van die Teologiese Fakulteit

Na bl. 18

## Calvyn oor goeie werke

Miskien sal sommige toegee dat die mens se bose hart en wil slegs deur God bekeer kan word, maar dit dan tog op só 'n manier opvat dat die mens daarná ook sy eie kant moet bring. Hulle sal sê dis wat Augustinus gesê het toe hy gesê het: die genade gaan aan elke goeie werk vooraf — by wyse van spreke: die mens se goeie wil loop nie vóór as die leier nie, maar kom agterna as die dienskneg.

Hiérdie stelling, wat die goeie Augustinus sonder enige kwade bedoelings gemaak het, het Lombardus egter op 'n onsinnige manier verdraai om die mens en sy goeie werke te red.

Maar uit die Bybel is twee dinge baie duidelik: die Here korrigeer ons bose wil, ons begeerte wat net kwaad wil doen (selfs met die vroomste bedoelings — M.M.), of liewer: Hy vernietig die slegte wil; en, tweedens, vervang Hy dit met 'n goeie een wat Hy self skenk. Insoverre as wat hiérdie goeie wil deur die genade van God voorsien is, gee ek toe dat jy jou wil 'n "bediende" kan noem. Maar die mense verstaan dit nie so nie. Hulle skryf die goeie wil, wat Gód gegee het, verkeerdelik in praktyk aan die mens toe. Hulle sê die mens gehoorsaam die genade met sy dienende wil. Daarom het Krisostomus verkeerdelik gesê: "Die genade kan niks sonder die wil doen nie, en die wil niks sonder die genade nie." Asof dit nie die genade is wat die wil in beweging bring nie... Dit was ook nóóit Augustinus se bedoeling — toe hy die mens se goedwilligheid die bediende van die genade genoem het — om aan die wil wat goeie werke doen, 'n plek naas die genade te gee nie. Sy enigste bedoeling was om die bose leerstelling van Pelagius te weerlê wat die oorsaak van die mens se redding en saligheid in die mens se eie hande wou gee.

Tot sover Calvyn (Inst. II,3,7) maar deur my geparafraseer, want Calvyn praat in woorde en begrippe wat vandag nie maklik verstaan word nie. Een ding is baie duidelik: Daar is by Calvyn geen sprake van 'n onbegrepe dubbelsinnigheid oor die mens en God se "aandeel" wat op een of ander wyse gebalanseer moet word nie.

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

## WAT ONREGVERDIG IS

die dooponderhoud vra 'n man, wat baie vra,: "Maar dis mos onregverdig dat sommige die evangelie hoor en ander nié? Almal moet tog 'n gelyke kans kry?"

Wat onregverdig is, is dat Jesus met die hel gestraf is vir sonde wat Hy nie gedoen het nie. Genade is dat God die evangelie stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Ons aanbid net die barmhartige God en hou ons hande uit sy vreeslike besluit (decretum horribile). Wat regverdig sou gewees het is as Hy ons álmal oor ons sonde in die hel gegooi het.

## MENSVRETER-KINDERS

Oú kwelgees — wat my verbied om hom aan te haal — verstaan nou al soveel van die kinderdoop dat hy weet ons glo nie net (Nederduitse) Gereformeerde kindertjies is verbondskinders nie. Maar nou sê hy sarkasties dit het die implikasie dat álle kinders verbondskinders is, dus ook dié van Moslems en mensvreters.

**ANTWOORD**: As gelowige ouers die suigeling van 'n mensvreterpaar aanneem, sal ons hom doop — al het hy al 'n keer of wat aan 'n stukkie mensvleis gesuig. Solank hulle maar belowe om hom Christelik groot te maak.

## MOET EN SAL

Toe kom die regsinnigste van al die ouderlinge — byna die regsinnigste — ook nog en vra: "Maar is dit nie tóg so dat as 'n mens glo, as hy tot geloof gekom het, dat hy móét vrugte dra nie?" Só hoog is die druk nou.

Toe sê ek: Nee. Nie moet nie, sál.

Na bl. 5

SWART OP WIT

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank
Administrasie: Annatjie Malan

ADRESSE
Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel.: (012) 821105

OUTEURSKAP
Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE
Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE
SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

Dit is die opskrif van art. 26 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Ek het die Nederlandse Geloofsbelydenis ontdek. Nie herontdek (ook nie uitgevind) nie, want ek het in my jeug nooit die sprankel, die bloedwarme evangelie daarin gevoel nie. Waarskynlik het ek dit op die verkeerde manier gelees.

Maar nou het ek dit ontdek en ek verkyk my daaraan. Art. 17: Hoe God, toe Hy gesien het dat die mens homself in die ellende gedompel het, en al bewende van Hom af weggevlug het – hoe God die mens toe getroos het met die belofte om aan Hom sy Seun te gee en om hom salig te maak. Art. 22 – dat dit, streng gesproke nie die geloof is wat ons red nie; art. 24 dat dit nog minder ons goeie dade is, dus ook nie ons bekering nie. Verder art. 24 wat praat oor ons goeie dade en die vrugte van ons geloof, maar dan baie uitdruklik sê dat dié goeie dade op die keper niks beteken nie, en dat God ons selfs daaroor in die hel kan gooi.

> *Art. 26 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, is die mooiste bekeringspreek wat ek nog gelees het.*

En dan art. 26 wat die mooiste kort bekeringspreke is wat ek in 'n lang tyd gelees het. Maar ook met 'n sinnetjie in wat baie vreemd op die ore val. "Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat die gewoonte posgevat het om die heiliges te onteer, in plaas van hulle te vereer." Heiligeverering? Maar daaroor ten slotte.

Art. 26 sê die mooiste dinge uit die Bybel om ons tot geloof in Jesus Christus te bekeer.

Ons glo dat ons géén ander toegang tot God het nie deur Jesus Christus, die Regverdige, die enigste Middelaar en Voorspraak. Hy het om geen ander rede mens geword nie as om vir ons 'n toegang tot God te bewerkstellig. Daarsonder was die deur na God absoluut gesluit.

Terwyl Hy ook God is, moet sy grootheid ons egter nie verskrik sodat ons na 'n ander bemiddelaar van ons eie krom keuse begin soek nie. Want daar is niemand in hemel en op aarde wat ons liewer het as Jesus Christus nie, verwysende na Filip. 2:6,7 en Hebr. 2:17a.

Indien ons 'n ander middelaar moes soek wat ons goedgesind is, wie sou ons kon vind wat ons méér liefhet as Hy wat sy lewe vir ons gegee het, vir ons gesterf het, selfs toe ons sy vyande was? (Rom. 5:10) En as ons na iemand sou wou soek wat mag, invloed en aansien het, wie het meer as Hý wat aan die regterhand van die Vader sit met alle mag in hemel en op aarde? En na wie sal God liewer luister as na sy eie Seun wat Hy so ontsettend liefhet?

En jy moenie sê dat ons dié liefde van God nie werd is nie. Want as ons byvoorbeeld bid, bid ons nie omdat ons byvoorbeeld dink God sal luister omdat ons dit werd is nie. Ons bid op grond van wat ons Here Jesus Christus werd is, wie regverdigheid en waaragtigheid ons glo ȍns s'n geword het.

Omdat die Bybelskrywer hierdie dwase ("zotte") vrees, meer nog: ongeloof ("mistrouwen") van ons wou besweer, het hy vir ons geskryf dat Jesus Christus net soos ons, sy broers en susters, geword het ... om ons te help – want omdat Hý ook versoek en beproef is, wéét Hy wat ons moet deurmaak.

En, om ons nog méér moed te gee om ons tot Christus (en nie die heiliges nie) te wend, sê die Bybel dat ons 'n Hoëpriester het wat medelye het met ons swakhede. So kan ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan waar ons barmhartigheid sál ontvang en op die regte tyd gehelp sál word. Hy sê dat ons vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus. Láát ons dan gaan met volle geloofsekerheid. En: Christus is 'n ewige Priester en dáárom kan Hy almal salig maak wat deur Hóm na God gaan omdat Hy vir altyd leef, en (in dié tyd) vir hulle kan bid. (Hebr. 2,4,7 en 10)

**Na bl. 15**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# HUWELIK EN WEDERKOMS

BYBELSTUDIE OU TESTAMENT

Studiegedeelte Hoogl.3:6–11

*Hoogl. 3:6(a): "Wie is dit wat daar soos 'n rookwolk uit die woestyn uit kom...?"*

*Nog 'n aflewering in ons reeks oor Hooglied gebaseer op die hipotese dat die bruid die skone Abisag van 1 Konings is.*

Dit is onmoontlik om te sê hoe lank die tydsverloop tussen die eensame droom aan die begin van hoofstuk 3 – behandel in ons vorige aflewering – en die werklikheid vanaf vers 6 is. Na die droom was daar nog die ontnugtering van die wakkerword. Daar kon weke of maande verloop het. Darem seker nie jare nie. Waarskynlik het sy nog baie drome gedroom, in die nag en in die dag – by die wingerd. Waarskynlik het die jakkalsies en die krimpvarkies nog baie kere kom vroetel in die losgrond, en het haar broers nog baie kere geraas en gesmaal oor haar ydele drome.

Maar op 'n dag!

Dit kan nie waar wees nie. Dit kán nie wáár wees nie! Dis 'n lugspieëling in die woestyn, 'n rookwolk. "Wie is dit wat daar soos 'n rookwolk uit die woestyn uit kom?"

Dat sy hierdie "rookwolk" daarna kan ruik, gaan my verstand te bowe. Maar met vrouens is alles moontlik. Selfs pap wat brand as vergeet is om die plaat aan te skakel.

> *Die soldate funksioneer vir Abisag soos 'n sakrament. Dit versterk haar oortuiging. Dit getuig onweerlegbaar dat die koninklike figuur Salomo is.*

Miskien het Abisag gewens-ruik. Miskien het die prosessie wind-af gekom en was hulle in die derde reël heelwat nader as in die eerste twee; "omgewe deur die geur van mirre..."

Hoe dit ook al sy, sy was reg, want toe hulle binne sig– en ruikafstand kom, skree sy dit uit: "Kyk! Die drastoel is dié van Salomo self!"

Haar Shelomo het gekom. Hy was nie soos die duisende mans wat belowe en vergeet nie. Nie nou al nie. Nou was sy ja nog sy ja.

Daar was hy nou vir elke oog om te sien. Ook die oë van die broers wat haar gespot en verkleineer het. Hy sál (weer) kom, het hy belowe. En sy het geglo en met haar oë op die horison bly lewe.

> *Het sy eers huis toe gehardloop en gaan verklee? Of het sy in haar eenvoudige plaasjurkie met die reuk van die grond en bietjie sweet by hom op die drastoel gespring?*

En daar kan geen vergissing wees nie. Nie weer 'n ryk koopman wat vir verlangende oë, verblind deur liefde, soos Salomo lyk nie. Want rondom die drastoel (van Libanonhout, met silwer pote, 'n goue leuning en pers wolsitplek) loop sestig soldate. Sestig "helde van Israel". Van *Israel;* géén vergissing hierdie keer nie. Die soldate funksioneer dus vir Abisag soos 'n sakrament. Dit versterk die geloof. Dis 'n bonus – wat bedoel is om alle twyfel uit die weg te ruim. Sestig soldate, vaardig met die swaard, opgelei vir oorlog, met die swaard aan die sy; hoe ruk jou hart as jy dit sien, so in gelid, gereed vir die nag se gevare. (v.8)

Ek dink die gevare van die nag het nie soseer die soldate of Salomo nie, maar Abisag bedreig. Die gevare van die nag is die gevaar van haar leë drome, en die wakker word daarna, en van al die eensame ure as slaap so totaal onmoontlik lyk.

Maar nou is hy hier!

Ironies dat die drastoel se inlegwerk deur die vroue van Jerusalem gedoen is. "Met liefde" – v.10.

Maar Salomo sit daarin en daarop, op pad na sy enigste liefde, sy grootste liefde. Na die plaasmei-

sie van Sunem op wie die harem-vroue van Jerusalem neergesien het omdat sy so bruin gebrand is. "' m kyk na koning Salomo, vroue van Sion." Kom, ongelowiges, spotters, kom kyk self. (v.11)

Ek kan nie dink wat Abisag gedoen het toe die werklikheid tot haar deurdring nie. Het sy huis toe gehardloop en gaan verklee? Of het sy in haar eenvoudige plaasjurkie en met die reuk van die grond en bietjie sweet na die koning toe gehardloop? Om sy hals geval. Gehuil, gelag, en styf teen hom verder gery. Sy het genoeg persoonlikheid daarvoor gehad. Die boeremeisie met haar kaal voete en haar warm kloppende hart teen sy bors en wange.

Dis romanties in die beste tradisie van die woord. Die prins in sy pampoenkoets, en aspoetsertjie. So tipies en innig menslik.

*In die evangelie is dit nie die bruidsgemeente wat met sweet, bloed en trane na die Bruidegom hardloop nie, maar die Vader na die seun toe wat na die varke ruik.*

Goddelik is die evangelie as nié die bruidsgemeente met sweet en bloed en trane na die Vader hardloop nie, maar die Vader na die seun toe wat van die varke af kom, en sterk daarna ruik; én na rook en drank, met 'n slawementaliteit om den brode.

Maar miskien sal die bruid na die hemelse Bruidegom toe hardloop as Hy wéér kom. Om soos skape aan sy regterhand saam te drom, en aan sy kleed te raak, weg van die brutale bullebakke aan die linkerh. .

Ek weet nie. Die meeste mense is dan bang vir die wederkoms? Ek kry die indruk dat as die Seun van die mens weer na die aarde kom, dat daar dan dalk net twee dooie getuies in sak en as sal wees; dat Hy, soos in die dae van Esegiël oor die valleie vol doodsbeendere, geraamtes, sal profeteer tot 'n halleluja-koor uit die grafte opstaan.

En dan vind 'n huwelik plaas. Voltrek deur die koninginmoeder. Want die kroon (krans — O.V.) op sy hoof is afkomstig van sy moeder, Batseba, "op die dag van sy huwelik, die dag van sy grootste vreugde". (v.11)

Dat hierdie groot vreugde nie gehou het nie, doen ni af aan die vreugde van die dag waarop dit gebeur het nie. Dit herinner ons egter daaraan dat ons selfs bereid moet wees om vader, moeder, vrou, kinders, te verlaat om agter Jesus aan te gaan.

Van bl. 2

"Ja, maar, dan móét hy tog...?"

Nee. Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls sê uitdruklik dat dit onmoontlik is dat iemand wat deur God gered is, nie vrugte sal dra nie. As God 'n boom lewendig gemaak het, soos brandhout uit die vuur geruk het, sál hy vrugte dra. Dis sál, nie móét nie. Om die waarheid te sê: die Dordtse Leerreëls sê uitdruklik dat 'n "móét" wat as voorwaarde gestel word, 'n dwaling is. (Later het die broer ouderling die kerkraad aangeraai om tog te vra, want daar ís misverstand én antwoorde.)

# HOE DIE GELOOF TEL EN NIE TEL NIE

In die prediking moet dit baie duidelik uitkom dat *die sondaar* geregverdig, gered word. Nie die weergeborene of die bekeerde of selfs die gelowige nie. Dit is gedadewerk wat die Heilige Gees verrig, die toekenning van totaal nuwe eienskappe. Daarom is daar nie .n pad na Jesus uit te wys nie. Christus is die Weg. (Joh.14:16)

As Luther dus sê dat die regverdiging geskied deur die geloof alléén, bedoel hy nie om daarmee die nadruk op die *geloof* te lê — en die Heilige Gees op die agtergrond te skuif — nie, maar dan word juis die menslike faktor uitgeskakel. Dit is dieselfde wat Paulus met soveel klem doen in die briewe aan die Romeine en die Galasiërs, as hy geloof en werke *teenoor* mekaar te plaas. "Deur die geloof (alleen)" (Rom. 3:28), dit beteken dus eintlik: God alléén, die Heilige Gees alleen. Dit wil sê dat aan ons toegereken word wat ons danksy Christus is; dat dit nie deur weergeboorte 'n kwaliteit van ons lewe geword het nie, nie deur bekering 'n daad van óns nie, en nie deur askese (selfverloëning en selftug) of 'n Christelike lewe 'n verdienste van ons nie. Net so min deur die liefde as 'n vorm van ons geloof. Die vorm van ons geloof tel nie. Die Bybel vertel van rare gelowiges. Hulle het op elke moontlike manier so goed en so sleg geglo as wat hulle kon. Hulle geloof het geen gedaante of heerlikheid gehad dat ons dit sou begeer nie. Hulle het geglo nie om te glo nie, maar omdat God gepraat het. En hulle geloof is 'n gesindheid om, kos wat dit wil en hoe ook al, dááraan vas te bly hou. (Noordmans, Herschepping, 160/1)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# DIE BLYMOEDIGE BEGRAFNISGANGER

BYBELSTUDIE NUWE TESTAMENT

**Studiegedeelte: Luk. 2:21—38**

*Luk. 2:34: "Hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en opstanding van baie in Israel."*

*'n Voortsetting van ons reeks waarin die vier evangelies gesinchroniseer, en sistematies behandel word.*

Voordat ons by die getuienis en profesie van Simeon en Anna kom, moet ons eers na Jesus se kinderdoop kyk — wat Hom by die tempel en by Simeon en Anna bring.

. was agt dae na sy geboorte. Miskien was die agste dag 'n verskuilde profesie van die Sondag, die dag van die nuwe testament en die opstanding. Die sewende dag bring ons by die Saterdag, en die Sabbatsrus.

Ewenwel, op die agste dag, ná die reinigingstyd van die moeder, soos die wet dikteer, tref ons Josef en Maria by die tempel aan om die priester "hulle" Seuntjie te laat besny. Ek wonder of hulle gesê het Josef is nie die vader nie. Ek glo nie. Die priester sou hulle nie geglo het nie. Miskien was hulle dan onder sensuur.

En die priester noem Hom Jesus.

Vroeër het ons die indruk gehad dat die Bybel ons r ˉnd gee om te sê die kind kry sy naam by die uuop. Waar dan ook, hiér staan dit nie. Trouens, hiér staan uitdruklik dat die priester Hom by die naam genoem het wat Hy al gehad het vóór Hy nog verwek is. Waarskynlik was dit ook soos by ons kinderdoop: dat die ampsdraer die bondeling ***aanspreek*** me‹ die bondsteken: God se genade is vir jóú, Jesus.

Intussen spreek dit ook van God se liefde, en sy inisiatief. God wag nie om te sien wat die mense maak nie. Hy besluit oor hulle heil voor hulle nog daar is.

So kry ons ook in hierdie klein paragrafie 'n voortsetting van dieselfde vreemde mengsel van goddelikheid en vernedering wat die hele verhaal dusver kenmerk. Jesus is die Seun van God wie se koms ‹ r engele en wonders aangekondig word. Maar sy koms self is nie in heer-likheid nie, dis vol vernedering en smaad. Dis dieselfde mengsel wat in sy persoon gesetel het: die slaaf wat koningswoorde praat. Smadelik is die buite-egtelikheid, die stal, die herders met hulle vodde en nou die besnydenis wat 'n reinigingsteken is vir onreines, en die offer van die twee duiwe. Die wet het gesê 'n lam en 'n duif (Lev.12:6), maar as die moeder nie 'n lam kan bekostig nie, dan twee duiwe (Lev.12:8). Opvallend dat Jesus voorgestel word as die Lam van God en die Heilige Gees as 'n duif.

> *Vroeër het ons die indruk gehad dat die Bybel ons rede gee om te sê, 'n kind kry sy naam by die doop. Waar ook al — hiér staan dit nie.*

So buig en ly Jesus onder die diktatuur en veroordeling van die wet, as 'n armmanskind. En Hy word "tot beskikking van die Here" gestel. Hý wat self die Here is. Só het Hy Hom as mens gebuig onder alles wat paslik is om aan alle geregtigheid te voldoen. Hy moes dit in óns plek doen.

* * *

En dan volg die verhaal van Simeon en Anna.

Die betekenis van Simeon en Anna sien ek veral daarin dat hulle nóg getuies is. Hulle getuig by Josef en Maria, wat dit sekerlik aan die jonge Jesus sou vertel het. Hulle getuig verder by die omstanders-wat die skare wat weet, laat uitbrei, en wat hulle alle verontskuldiging ontneem as hulle drie dekades later gil dat Hy gekruisig moet word. En Lukas voer die getuies in en die getuienis aan om Teofilus en ons te laat glo. Dit is dus nie net Lukas wat sê Jesus is die Heer nie, daar was engele, en skaapwagters en sterrekykers en profete.

Simeon word beskryf as 'n man wat goed gemanierd was teenoor mense (regverdig), en wat versigtig was met godsdienstige pligte. Hy was nie ligsinnig en onverskillig nie. Hy was ook gelowig, want

hy het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. 'n Gelowige is altyd iemand wat vorentoe kv' uit-sien. En die Heilige Gees was op en in ho... Die Heilige Gees het hom maak glo dat hy die Messias sou sien voor hy sterf.

En dáárdie dag, toe Josef en Maria daar aankom, gaan hy toe ook tempel toe. Vol verwagting en geloof, wat wandel sonder om te sien.

> *Jesus buig en ly onder die diktatuur en veroordeling van die wet as 'n armmanskind — om aan alle geregtigheid te voldoen.*

Er — dáár is die Messias! 'n Baba. Wat hy in sy ar... neem, en wat 'n aangrypende gedig oor sy lippe laat rol. Impromptu.

*Here, laat u dienaar nou*
*in vrede gaan volgens u woord*
*omdat my oë u verlossing gesien het*
*wat U gereed gemaak het*
*voor die oë van al die volke:*
*'n lig tot verligting van die nasies*
*en tot eer van u volk Israel.*

Net so skoon skryf Noordmans hieroor: "Die gryse Simeon behoort tot 'n lang reeks mense wat op die saligheid gewag het. Jakob het ook op sy sterfbed gesê: 'Op u saligheid wag ek, Here.'

"En nou sê Simeon in die tempel: 'My oë het u sa heid gesien.' Die wag het sien geword...

"Hoe heerlik is dit as die lewe op dié wyse afgesluit word. As die einde 'n oorgang is van glo na aanskou. Dan is dit nie 'n sluiting nie maar 'n opening. Daar is oop en geslote lewens. Net dié wat glo het 'n oop lewe. Daarom is Simeon in die tempel vir almal wat op Christus hoop, 'n voorbeeld.

"Hierdie oue van dae hoef ons nie te beklaag omdat sy lewe verby is nie. Dit gebeur maar al te dikwels dat 'n mens homself of ander beklaag omdat sy lewe kort is. Dan kyk hy terug op die lewe wat verby is, en wens dit terug. Maar dan is om te lewe 'n swaarmoedige werk, 'n mistroostige geskiedenis. Dan kyk 'n mens na dié wat jonger is soos kinders wat 'n stuk koek opgeëet het, en nou afgunstig lc na die ander wat nog het.

"Om só te lewe, is om lewend begrawe te word, want elke jaar wat verbygaan, is 'n spyker in die doodkis. Vir die gelowige is dit juis andersom. Dit gaan met 'n gelowige soos met 'n bergklimmer, wat al höër styg hoe verder hy gaan. Die uitsig word ruimer en die horison wyer. Dan val die grense van die lewe weg en alles gaan oop. Want elke jaar wat verbygaan is die wegneem van 'n versperring wat die uitsig bederf. Vir 'n gelowige word sy doodkis nie aan mekaar getimmer nie, maar uit mekaar geslaan...

"Alleen hy wat buite sy lewe en oor die kerkhof heen kan sien, het 'n óóp lewe. Dan gaan alles in vervulling. Want God se beloftes lieg nie. Ons het die Christus, in doeke, dit is in Gods beloftes, toegedraai; en elkeen wat na die krip gaan, en Hom sien, sien God se saligheid, en kan in vrede heengaan uit hierdie lewe uit." (Verzamelde Werken, 8/62—3.)

Hierdie lang aanhaling val bietjie uit die toon en die struktuur van ons studie, maar dis so mooi dat ek dit nie kon weerstaan nie. Miskien is dit ook goed dat ons 'n keer 'n heel ander stem uit 'n ander hoek hoor.

So verwonderd soos ons, was Josef en Maria. Ek verwonder my dat hulle nie saam gesing het nie. Die engele het tog met hulle ook gepraat.

Toe seën Simeon hulle, en hy sê woorde wat haar hart moes laat krimp het. Sy woorde bewys dat hy 'n profeet is want hy beskryf die lot van 'n profeet soos een wat weet: 'n val en 'n opstaan van baie. Geen neutraliteit nie. Hulle sal òf met Hom dweep òf Hom wil kruisig. So sal dié wat val, Hom tot 'n val probeer bring.

Albei soorte mense wou toe ten slotte albei doen. Hy sal weerspreek word. Hulle sal sê Hy dwaal. Die ware gesindheid, die diepste motief van die mense sal uitkom. Dit sal 'n swaard in jou hart wees.

Wat 'n vreemde seënspreuk — van 'n man wat juig oor God. Maar die waarheid het altyd hierdie vreemde vreugde: Ons verbly ons oor beproewings, as die waarheid in ons is.

So het die profetes, Anna, wat vier en tagtig jaar alleen gewag het, ook gepraat. Sy het God gedank, en oor die Kindjie met almal gepraat wat na die verlossing uitgesien het.

En tog het die mense op stuk van sake die woorde van ál die profete, van Ou en Nuwe Testament, verwerp.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# 'n Pinksterpreek vir kinders

**Benodigdhede: 'n ruwe kruis teen die kerk se symuur; Christo en Christine, st. 5, wat demonstreer.**

*Hierdie poging is 'n kruising tussen 'n prekie en 'n "opvoering". Opvallend ontbreek die stelling: Die Heilige Gees skenk ons geloof. Maar die hele stuk demonstreer hoe die Heilige Gees ons máák glo, ons oortuig met die kruis-evangelie.*

Ek het *sewe* dinge wat uit die Bybel geneem wat die Heilige Gees doen.

*1. Die Heilige Gees troos*

Jesus het gesê die Gees wat Hy na ons sal stuur, is ons Trooster

Christine, staan hier reg in die middel voor die k··-sel, kyk na die mense en huil.

Christo, gaan na haar toe en troos haar. (Nie te intens nie!)

Is hier iemand wat nie weet wat troos is nie?

2.*Die Bybel sê die Heilige Gees sal ons lei*
Christo, neem Christine se hand, dan lei jy haar.

"Dominee, waarheen moet ek haar lei?"

"Kyk 'n bietjie rond. Waar dink jy kan jy haar heen lei?"

Hy sien die kruis en dadelik loop hy soontoe.

Waarom troos die kruis 'n mens?

Ons skuld is daar betaal,en op die derde dag het Hy weer opgestaan.

3.*En die Bybel sê die Heilige Gees sal ons herinner aan alles wat Jesus vir ons gedoen het*

Christo, herinner haar! (Skud haar aan die skouer en wys na die kruis - sê dit net voor as hy dit nie self begin snap nie.)

4.*Die Heilige Gees kan ons nie van al hierdie dinge vertel as Hy nie met ons praat nie.*

Hoe praat die Heilige Gees met ons? (deur die Bybel.)

C··risto, wys nou vir Christine en vir ons die kruis, e·· terwyl jy wys, lees jy die bekendste woorde in die Bybel. (Ps. 23)

(Onthou alles sover: troos, lei, herinner, praat.)

5. *En die Bybel sê die Heilige Gees inspireer ons.*

Christo, hoe sal julle dit vir ons wys sodat ons dit nooit weer sal vergeet nie?

Wys bo-oor die kruis in die lug op na die wolke
"Christine, die Here Jesus sal op die wolke kom om ons te kom haal."
So, ons moenie moedeloos word nie. Ons lewe en ons werk is, nie nutteloos nie. Daar kom 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. En Jesus kom alles nuut maak. Kan jy dink hoe dit alles iemand se oë kan laat blink van inspirasie?

*6. En die Bybel sê die Heilige Gees stúúr ons*

Hy lei ons na die kruis, en dan stuur Hy ons.

Christo, stuur nou vir Christine na die mense toe. Sodat ons dit almal kan sien (hulle staan nog steeds voor die kruis) — wys met jou hand; sodat ons nóóit sal vergeet dat ons gestuurde mense is nie.

Om wat te gaan maak stuur die Heilige Gees ons?

Van Jesus en sy kruis te vertel — nie van onsself nie; nie te vertel hoe sleg ons was en hoe goed ons nou is nie. En om mense te inspireer en te troos.

Christine, loop nou tussen die mense deur (en gaan sit agter in die kerk).

*7. Die sewende ding wat die Heilige Gees ons leer, is om te bid.*

Ons sal dit net hierná doen.

* * *

Kom ons kyk net weer na die sewe dinge:

TROOS ons met Jesus
LEI ons na die kruis van Jesus.
HERINNER ons aan die kruis van Jesus
PRAAT met ons oor die kruis en opstanding
INSPIREER ons met die evangelie van Jesus Christus

**Na bl. 12**

# DIE NOU POORT

**Studiegedeelte: Matt. 7:13–23; Luk. 6:43–45**

*Luk. 13:24: "Span al julle kragte in."*
*Matt. 7:13: "Gaan deur die nou poort in."*

Luk.13:24 maak hierdie uitnodiging wat Matteus al in die bergrede gehoor het, baie meer intensief. Hy sê: "Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan." Opdrag! Imperatief! Maar dan volg die merkwaardige woorde: "Baie... sal probeer om in te gaan, maar sal dit nie regkry nie." Stry, veg, ›beer hard om in te gaan. Maar baie sal hard spook, maar dit nie regkry nie.

Hierdie teenstelling behoort elkeen wat die Bybel eendimensioneel lees, (nog eens) te waarsku om nie net die eerste deel van die teks te lees nie.

En om dan dadelik te onthou dat Jesus dié Nou Poort is, want niemand kom na die Vader behalwe deur die Seun nie (Joh.14:6), en daar is ook nie 'n nou poort duskant die Seun nie, want die Seun is die Weg (en die Waarheid en die Lewe); die Deur van die skape. Daarom kan 'n mens nie iemand na Jesus neem nie. Jesus is self die Weg, die Pad. Ons neem Jesus nie aan sodat Hy aan ons kan behoort nie. Hy het ons gekoop. Só het ons sy eiendom geword. Hy het ons met sy bloed gekoop. Dit is aan G'd te danke dat julle met Christus verenig is. (1 Kor. 1:30).

* * *

In die bergrede, onthou Matteus, het Jesus dan al gesê dat die poort na die verderf wyd en die pad daarheen breed is. Maar die poort na die lewe is nou en die pad smal, en dié wat dit kry min. Hoe min, sou hulle agterkom as net Jesus en die moordenaar paradys toe gaan, en al die ander (vireers altans) tuis bly.

Die mense wat van hierdie woorde van Jesus 'n soort wet gemaak het, of 'n raamwerk waarin 'n mens wetties spook om self by die nou poort van die smalle weg in te kom, is baie. Miljoene eksemplare van die Brede en Smalle weg is verkoop, en [illegible] teologie daarvan is duidelik. Die mens staan voor 'n keuse, 'n vrye keuse. Voor hom lê twee weë oop en hý moet kies. Ná hy gekies het, die regte keuse, kom by by die gekruisigde Christus uit.

Dit is die dwaling van Pelagius (in die eerste eeue), Arminius en die Remonstrante (na die Middeleeue) en die Roomse (al die eeue). Al hierdie bewegings het die kerk soos 'n magtige skaduwee gevolg en die ware leer van die saligheid altyd weer verdag gemaal en verwerp. Eie aan hierdie moralistiese "Christendom" is die absolute selfversekerheid daarvan. Dit ken geen beskeidenheid nie. Wie dit weerspreek, is 'n warkop wat verwarring stig deur goedkoop genade te verkondig . Hy is op die minste eensydig. Dat die Reformasie die eensydige reddingsdaad van God agter Paulus en Augustinus aan as eensydig (sola) bestempel en uitgewys het, kan nie tot hierdie oormoedige en veroordelende gees te deurdring nie.

> *Moenie te gou begin spook as Jesus sê ons moet hard stry om deur die nou poort in te gaan nie. Kyk, daar staan ook dat baie sal stoei, maar dit nie sal regkry nie.*

En dit ondanks Jesus se uitdruklike waarskuwing in Matt.7:15 dat die kerk versigtig moet wees vir die vals profete. Die boodskap van hierdie vals profete klink wel baie vroom, soos die onskuldige blêr van lammetjies, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe, het Jesus gesê. Die inhoud van hulle boodskap is dat 'n mens openlik vir die Here moet kies en uitkom; dat jy in die openbaar moet (kan) sê "Here, Here" (7:21), dat jy in sy Naam moet preek vir ander mense, duiwels moet uitdryf en wonders moet doen. Maar Jesus sê dat Hy openlik van en vir hierdie mense sal sê: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree."

Wat 'n ironiese situasie. Hulle het juis gemeen om die wet van God te gehoorsaam, om die vóórstes te wees in die koninkryk, soos die Fariseër van die ge-

lykenis, maar Jesus sê Hy het hulle nooit geken nie want hulle het die wet van God oortree. Die eer-  ; kom dus hierdie keer laaste.

Die mense beroep hulle dan altyd op die boom wat aan sy vrugte geken moet word as ons sê sola fide, nét geloof? Dan sê hulle nee, die geloof moet daar wees, maar ook die vrugte. En dié vrugte is gehoorsaamheid aan die wil van God. Dus: Geloof plus gehoorsaamheid.

Maar wat is dié gehoorsaamheid?

> *Met miljoene eksemplare van die Brede en die Smalle Weg is die dwaling van Pelagius (in die eerste eeue), van Arminius en die Remonstrante (na die middeleeue) en van die Roomse (al die eeue) gepopulariseer. Jý moet kies. Ná jou keuse kom jy eers by die kruis uit.*

Dit is nié oppervlakkige wetsbetragting nie. Dit is veral nie 'n voorwaarde nie. Art. 24 van die NGB sê dít uitdruklik. Dit is barmhartigheid, liefhê van dié wat dit nie verdien nie. Om die egbrekers nie te verag nie, maar by te staan in die gevolge van hulle dwase mislukking. Eerder nog: Om nie te skei nie, maar die eggenoot wat dit nie verdien nie, lief te hê. En om die onwaardige tronkvoël in die tronk te besoek. Jesus sê as ons iemand, 'n skuldige, in die gevangenis besoek, is dit so goed of ons Hom besoek.

Jesus wil dus niks weet van trotse moraliste en raserige boetepredikers wat oordeel, veroordeel, voorwaardes stel en hulle eie vrugte adverteer nie. Hulle sê wel hulle is persoonlike vriende van Jesus, maar Jesus sê Hy het hulle nooit geken nie. Hy wil hulle nie ken nie.

* * *

Ons moet egter ook daarop let dat Jesus nie hier eerstens praat van die skape nie, maar van die herders, die profete. Húlle sal aan hulle vrugte geken word. Hulle loop vóór deur die wye en die smal poort wat na die verderf en die lewe lei.

En as die kruis op Golgota staan, en Paulus sy Geestelike evangelies skrywe, weet ons dat daar maar één Profeet was wat die smal poort na die lewe en die hemel gekry het. Nét Een. Solus (  istus. Dit was inderdaad 'n moeilike pad wat alle kragte geverg het, en sweet wat soos bloed op die grond val. Dit was 'n pad na die hemel wat deur die hel loop.

Maar die Boom kon aan sy vrugte geken word. Hy het nie hare gekloof oor sabbatsonderhouding en oor Judas se dertig silwerstukke wat nie weer die skatkis in mog nie. Hy het sy vyande liefgehad en vir hulle gebid. Hy het sy klere afgestaan, sy kruis gedra, en nie legioene engele ontbied om die bose mense uit te wis nie. Hy het met hulle sonde Golgota toe geloop. Dit was voorwaar 'n Goeie Boom wat groeie vrugte gedra het - vye aan 'n vyeboom en druiwe aan 'n druiwestok. 'n Boom wat nie uitgekap hoef te word nie. En tog het die mense Hom uit- en omgekap. Die doringstruike en dissels het Hom verdring. Die wolwe met die skaapsklere het Hom verskeur, in die Naam van God. Ten spyte van sy duidelike bergrede, en juis as gevolg van die waarheid daarvan.

* * *

Nou skryf Lukas in sý weergawe van die bergrede ook oor die boom wat aan sy vrugte geken word, maar hy betrek dit nie op die ware en valse profete nie. Hy praat oor die mense, oor ons. Hy sê: "Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart... Waar die hart van vol is, loop die mond van oor." (6:45)

> *Jesus wil niks weet van trotse moraliste en raserige boetepredikers wat oordeel en veroordeel, voorwaardes stel en hulle eie vrugte adverteer nie.*

Ook van sý weergawe van Jesus se woorde is waar dat die slegte dinge toe uit die monde van die slegte mense oorgeloop het, maar ons kan ook na hiérdie woorde kyk uit die tyd toe Lukas hulle geskryf het - ná die kruis, opstanding en Pinkster. Dan kan ons dit interpreteer in die lig van die kruis en sê: Die oorvloed goeie dinge in ons harte is die saligsprekinge van die Heilige Gees wat in ons harte woon. Hy herinner ons aan alles wat Christus vir ons gedoen het; Hy neem uit wat aan Christus behoort, en gee dit aan ons persent. Hy maak ons hart vol daarvan, tot oorlopens toe vol, en dan kan ons ook nie ophou praat oor Jesus Christus, die gekruisigde nie, en van die liefde van God wat daaruit spreek.

So word ons "goeie" mense. Bome wat die vrugte van die Gees dra, nádat God die bome goed gemaak het. Mense wat getuig dat God sy liefde in ons harte uitgestort het (Rom.5:5) en wat daarom ook probeer liefhê. Net liefhê. Dit is die hele wet, die nuwe gehoorsaamheid wat nie die bewende slaaf van die wet word nie, maar God liefhet en op Hom vertrou.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# DIE KONING STAAN TERUG

*1 Sam. 8:7: "Hulle het jóú nie verwerp nie, hulle het Mý verwerp ... Gee toe aan die versoek van die volk."*

As 'n mens oor God dink soos oor 'n robot, sal jy die Bybel nooit verstaan nie. 'n Gevoellose robot wat nie van plan kan verander nie en sy wil deurvoer, buig of bars. Veral sy oordele, sy straf op die sonde as jy nie in jou spoor trap en Hom gelukkig maak en hou nie – soos die nuwe katkisasieboek vir st. 5 dit uitdruk.

Maar die Bybel praat nie so oor God nie. Die Bybel sê God is 'n lewende God wat gou berou het oor die onheil waarop Hy besluit het, en wat haastig is om te vergewe.

Is God dan nie onveranderlik nie?

> *God se onveranderlikheid lê in sy trou, sy barm- en jammerhartigheid; en daarom in sy veranderlikheid.*

Ja, God is onveranderlik – maar in sy trou. God, wat van geen wankel weet nie, sal nimmer sy verbond vergeet nie. God se onveranderlikheid lê in sy barmhartigheid, sy jammerhartigheid, sy vaste voorneme om sy wêreld en sy mense te red – wat dit ook al kos. Sy onveranderlikheid is sy veranderlikheid.

* * *

Nadat God Israel met 'n magtige hand uit die slawerny van Egipte verlos, en in die woestyn nie almal laat sterwe het nie, het Hy hulle in die land wat Hy belowe het, ingebring, en aan elkeen sy erfdeel gegee. Net soos Hy belowe het. Maar dit het uitgeloop op 'n absolute katastrofe. In plaas daarvan dat hulle God gedien het, het hulle die natuur en sy gode gedien: die reën, en die vrugbaarheid, en die son wat groeikrag gee en die maan met sy vreemde invloed op die see en die vrou. Hulle het dit net so maklik en vanselfsprekend gedoen soos wat ons éérste dink aan reën – om daarvoor te bid en daarvoor te dank, met die kruisgenade as 'n bygedagte.

In hierdie haglike paar honderd jaar het God wel rigters gegee, voorsien, regters – waarvan party weliswaar baie eienaardig was. Maar, ondanks selfs die rigters, het die rigtertydperk (soos die boek Rigters) ten einde geloop met van die skandaligste stukke geskiedenis wat nog in die Bybel geboekstaaf is. Oor hoe hulle mekaar se gode gesteel het, en hoe 'n man sy vrou in 12 stukke opgesny en die stukke verrottende vleis na al 12 stamme toe gestuur het, na elke stam een stuk, om te dien as 'n makabere telegram.

Omdat daar nie 'n koning was nie, sê die skrywer, het elkeen maar só gedoen wat hy gedink het reg is.

* * *

Maar toe roep God Samuel – soos Isak – uit 'n onvrugbare moeder, Hanna. En Samuel het baie goed regeer. Hy het goed regeer omdat hy geweet het God regeer en omdat hy God laat regeer het. En toe hy oud word, het Samuel sy seuns aangestel wat nes Eli s'n niksnutte was.

Tóé het die stamhoofde kom vra vir 'n koning.

> *Israel het met die natuurafgode geboereer net so maklik soos wat ons in ons vroom gebede eerste aan reën dink.*

Gód was hulle koning wat hulle uit slawerny gered het, en hulle vryheidswette gegee het, maar hulle wou nie langer vry wees nie. Die verantwoordelikheid van vryheid was te groot. Hulle wou weer slawe word; as dit dan nie van die farao, of Eglon, of die Filistyne is nie, dan van hulle eie koning. Maar slawe wou hulle wees.

Daarom het hulle voor die gryse Samuel gestaan en aandring op 'n koning soos, let wel, dié van die heidene rondom hulle, wat ook hulle oorloë kan voer.

* * *

En Samuel was woedend. Die Living Bible sê: " Samuel was terribly upset." Behalwe dat hulle versoek teen die wil van God was, was dit ook 'n klap in sy, Samuel, se gesig. 'n Afdanking, 'n mosie van wantroue na 'n lewe van diens. Maar hulle wou nie na hom luister nie. Selfs nie toe hy op bevel van God uitvoerig verduidelik het hoe hulle slawe van 'n koning sal word nie; en dat God hulle dan nie weer van die slawerny van dié koningskap sal bevry nie. Die volk "het geweier om na Samuel te luister." (v. 19)

Toe het God wéér vir Samuel aangesê om aan hulle versoek te voldoen.

> *Byna met deernis, maar ook met verskrikking, lees 'n mens die gesprek tussen God en Samuel.*

Byna met deernis, maar ook met verskrikking, lees 'n mens die gesprek tussen God en Samuel. Hulle het jóú nie verwerp nie, hulle het Mý verwerp. Hulle maak nou met jou wat hulle eeue lank al met Mý gemaak het, sedert Ek hulle uit Egipte verlos het, deur ánder gode te dien. Hulle wil nie verlos wees nie, hulle *wil* die sonde dien.

Maar gee hulle hulle sin.

* * *

Dít is ons wonderlike, lewende God. Hy loop nie soos 'n robot en 'n stootskraper oor hulle nie, Hy g[illegible] 'n tree terug. Hy staan terug vir 'n ander koning. Hy verander van plan. Sy opdrag aan Samuel om 'n koning te soek, is woorde ten koste van Homself. God buig agteroor; Hy offer op.

> *God sou in die geskiedenis bly terugstaan totdat die aandrang van die skare Hom terugdring tot aan die kruis.*

Hy sou dit in die geskiedenis bly doen totdat Hy sy Seun opoffer. Totdat die aandrang van die mense Hom so ver terugdring dat aan 'n kruis hang. "Laat Barabbas los! Kruisig die Koning van die Jode!" Ons wil nie 'n hemelse koning hê nie. Ons wil 'n koning soos die heidene hê. Die keiser is ons koning.

Die God van liefde wat sy verskriklike kinders verdra en verduur om nog tyd te kry waarin Hy met hulle kan praat; die God wat Samuel in die steek laat en uiteindelik ook sy eie Seun ten behoewe van die volk; totdat sy Seun moet uitroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?!"

* * *

Het u dié God lief? Wil u agter Hom aangaan?

Dan moet u bereid wees om terug te staan, soos Samuel. Soos God.

Dit sal nie maklik wees nie. Dit sal u by tye verskriklik ontstel. Maar dít is die eis van Christenskap: Nie om iets geweldigs te doen nie, maar om terug te staan.

Elkeen wat agter Mý wil aankom, het ons Meester gesê, moet Homself verloën.

Totdat Gód ons op sý tyd verhoog.

## SABBATSRUS EN ARMINIANISME

'n Sekere David Kahts stuur vir my (e.a.) 'n boekie met lekepreke uit Hebreërs wat hy self uitgegee het. Om self uit te gee is niks mee verkeerd nie, maar dan moet jy darem iemand vra om jou spelling na te gaan. En hy moenie sê God het ná sy werke gerus en dit vir ons laat weet sodat ons ook eers ons deel kan doen om ons saligheid te help verdien voordat ons gaan rus nie. Sulke boekies moet liewer nie geskryf word nie. As hulle waar is, was die Reformasie 'n vergissing.

**PINKSTERPREEK** **Van bl. 8**

STUUR ons met die evangelie na die mense toe
Leer ons BID (en BID vir ons)

Nou die laaste ding:

Wie is die Heilige Gees?

Die Heilige Gees is God. God is 'n Vader van liefde wat troos. Ons moenie bang wees vir God nie. Hy het ons innig jammer oor die ellende wat ons sonde veroorsaak.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# MY VOLK, ANTWOORD MY!

Die hele Bybel staan tog maar op elke bladsy van die Bybel.

Die één van die twee seuns van die Vader het sy erfenis verkwis in 'n vreemde land, en by die varke beland — waar selfs die varke beter gevoed is as hy. Toe het hy met sy skande na sy vaderhuis teruggekeer, en toe hy nog vér was, het sy Vader hom gesien, en innig jammer vir hom gevoel, en na hom toe gehardloop, en hom omhels, en nuwe klere laat ...ng en skoene, en 'n ring van gesag aan sy vinger en 'n hemelse fees gehou met die spogkalf as hoofgereg. Hy wou nie weet daarvan dat sy kind na die slawekwartiere moet omsluip nie. Hy het uitgeroep dat almal moet kom kyk, want sy kind wat dood was, lewe.

* * *

Dit staan ook in Jer. 31.

By Rama het Ragel uit haar graf opgestaan en geweeklaag oor haar kinders. Sy was ontroosbaar oor haar Ben-Oni's, haar kinders van smarte wat weg is, uit die weg geruim is; en dié wat soos bandiete in kettings by haar graf verby is na Babel toe omdat hulle nie wou luister nie.

> *God het sy volk nie vrygemaak uit die slawehuis omdat hulle dit gevra het nie, maar omdat Hy hulle sugte gehoor het. Hulle woordelose sugte het onwetend gebid.*

Die lewende God het hulle vrygemaak uit Egipte, die plek van slawerny, en hulle na hulle erfenis, hulle beloofde erfenis, die Land van die Belofte, gebring. Hy het dit nie gedoen omdat hulle die koopsom daarvoor betaal en die kaart van transport verdien het nie, of selfs gevra het nie, maar omdat Hy hulle jammer gekry het — omdat Hy hulle sugte gehoor het, sê die Bybel. Hy het hulle soos kinders op sy arms gedra, deur die woestyn, en ondanks hulle proteste (wat die Bybel murmurerings noem). En Hy het sy Verbondswoorde vir hulle gegee. Sy erewoorde. Die Tien Woorde van sy Verbond wat Hy met sy eie vinger in klip geskryf het.

Maar hulle wou nie daarna luister nie.

Ja, uiterlik het hulle reëls nagekom, maar innerlik was hulle so korrup dat God sy profete moes aansê om vir hulle te sê dat hulle feeste Hom walg. Vroeg en laat, tydig en ontydig, het die profete dit aan hulle gesê — in alle toonaarde en stylfigure en met simbole en voorbeelde — totdat een van hulle selfs nakend, poedelkaal deur die strate geloop het sodat hulle tog tot hulle sinne kan kom.

> *Toe Juda val, het Ragel uit haar koue graf opgestaan en haar kinders beween — soos wat sy weer sou doen toe Herodes dieselfde met die kindertjies van Betlehem Efrata doen.*

Maar hulle wou nie. Selfs nie toe die Babiloniërs hulle stad beleër en Jeremia hulle in die Naam van God beveel om oor te gee nie. Nee, toe het hulle Jeremia toegesluit en hulle babatjies gekook en geëet in hulle hardnekkige oorlewingstryd.

Toe het God hulle oorgegee in die hande van hulle heidense vyande en dié het hulle tempel verontreinig en verwoes, die huis van die Here — wat sy eie volk eerste in 'n rowerspelonk, 'n latrocinium, verander het — en hulle hoofstad met die grond gelyk gemaak. Hulle nikswerd koning, Sedekia, het probeer vlug, maar hulle het hom gevang en sy seuns, die prinse, voor sy oë oopgesny sodat hulle ingewande op die aarde geval het, en toe het hulle Sedekia se oë uitgebrand sodat sy sterwende kinders die laaste ding was wat hy gesien het en sou onthou.

Daarom het Ragel uit haar koue graf opgestaan en haar kinders beween — soos wat sy weer sou doen toe Herodes dieselfde met die kindertjies van Betlehem Efrata doen.

Só het die hele volk Israel by die varke in die vreemde land beland, waar hulle gesug en getreur, en hulle liere aan die wilgerbome opgehang het.

* * *

Maar toe het God hulle met koorde van liefde na I n getrek, sê Ges. 247 uit Hosea 11, Eseg. 3 en Jer. 31.

Hosea en Jeremia sê God kon dit op die lange duur nie oor sy hart kry om sy stout kinders so te sien swaarkry nie. Sy liefde het soos 'n vlam in sy binneste gebrand — wat groot waters nie kon uitblus nie. Sy hart het in Hom omgekeer.

> *"Ek het jou nog altyd liefgehad, my kind; ook toe Ek jou so sien sondig. Ek kon jou nie vergeet nie. Ek het so na jou verlang. Dit het my gepynig toe jy wellustig jou rug op my draai. Ek het dit gesien. Ek het so staan en kyk. Ek kon dit nie glo nie. Maar Ek het jou altyd liefgehad."*

En Hy het sy liefde in ons teksvers uitgestort: "Ek het jou nog altyd liefgehad." "Van vér af" het Ek my aan jou bekend gemaak. Toe jy nog vér was het Ek jou sien aankom uit die vreemde land en na jou toe gehardloop, en jou omhels, en gesê: "Ek het jou nog altyd liefgehad", my kind. Ook toe Ek jou so sien sondig. Ek kon jou nie vergeet nie. Ek het so na jou verlang. Dit het my gepynig toe jy wellustig jou rug op my draai en die natuurgode van die heidene aanbid. Ek het jou dan uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei, soos 'n blinde. Net om te sien hoe jy jou eeue lank aan owerspel met die Baäls en die Astartes oorgee, selfs letterlik met die tempelprostitute, en jou kinders in vlamme offer aan Molek. Ek het dit gesien. Ek het so staan en kyk.

Ek kon dit nie glo nie.

Maar Ek het jou nie onterf nie. Ek het jou geslaan soos ñ goeie vader sy kinders tugtig tot daar haas geen plek meer op jou oor was — van kop tot tone — om te slaan nie, maar Ek het jou nie onterf nie. Aardse vaders onterf hulle kinders wat skandemakers is, maar Ek is God, Ek is nie 'n mens nie.

"Jeremia, skryf aan en vir hulle (in 30:13 en 17): Jou wond is ongeneeslik en jou siekte dodelik, maar *Ek* sal jou gesond maak. Jý kan daar niks aan doen nie — jy is ten dode opgeskryf — maar Ek sal jou gesond maak. Skryf aan hulle (in 31:1) nóg 'n keer die teks wat die mééste in die Bybel voorkom: 'Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal my volk wes.' Hulle sal na hulle rusplek toe kom. Hulle salige sabbatsrusplek, die skadu van die vreugde van die hemel" (— nie die gedrog wat ons in ons waanwysheid van die Sondag gemaak het om kinders mee te straf nie).

"Want Ek het hulle nog altyd liefgehad." Daarom het Ek hulle verdra, en hulle nie verdelg met Sodom se vuur en swael nie. Daarom het Ek dié wat aan die swaard ontkom het, in die woestyn begenadig. (31:2)

Laat hulle dans van vreugde en weer wingerde plant.

* * *

Maar nou, broeders en susters, moet u tog nie te gou skaterlag en uitbondig halleluja skree nie. Dit is 'n ietwat makabare dans, en 'n erg gelapte gemeente wat vers 8 van praat. Dit is die "oorskiet". "Onder hulle is blindes en kreupeles, swanger vrouens en vrouens selfs in kraam." Dit is wel 'n "groot gemeente", maar hulle kom in trane en met smeekgebede. Hulle kom as mense wat weet hoe groot hulle sonde en ellende is, gebrokenes, geskeidenes, diewe, moordenaars, kindermoordenaars, Godverlaters, owerspeliges met gode en mense; begenadigdes wat wéét dat hulle begenadig is en daarom nie hoog kan opgee oor "geestelike groei" en hulle godsdienstige gearriveerdheid nie.

"Maar Ek sal hulle lei" (sê die Here in v.9). "Ek sal hulle by waterstrome bring, op 'n gelyk pad, (Ek sal vroedvrouens voorsien), niemand sal struikel nie, want Ek het Israel se Vader geword, Efraim is my eersgeborene."

* * *

Is dít ook die *lewende* God en Vader wat u aanbid? Weet u wat u praat as u sê dat u 'n lewende God aanbid? 'n God met gevoel. 'n God wat Homself vrywillig 'n Vader noem en maak van nikswerd kinders en Efraim sy eersgeborene. Efraim, die seun van Josef, die tweede jongste, die troetelnaam vir die bedorwe Tienstammeryk.

> *Die "groot gemeente" wat dans is 'n erg gelapte spul. Dit is die oorskiet. Hulle kom uit die ballingskap met trane en smeekgebede, swanger, barend, kreupel. Hulle gee nie hoog op oor hulle geestelike groei en gearriveerdheid nie.*

Of glo u aan die Groot Argitek van die Vrymesselaars. Die Eerste Oorsaak van die filosowe. Glo u abstrak "dat daar 'n God is" en dan is u nog trots ook daarop en dan slaap u gerus in die kerk as die lewende God sy liefdeswoorde, sy evangelie, en sy Gees, die Trooster, in die kerk uitstort en die mense hulle vuil sonde vergewe?

Luister u na die woorde van dié God in die kerk, en dan oordeel u nóg as u huis toe gaan? Oordeel me-..aar, en oordeel die predikant, en die kerkraadslid, en die kreupeles en die blindes en die barendes. God oordeel nie, maar ú oordeel. God vergewe, maar ú vergewe nie. U weet beter as God.

* * *

Of nee, ek sê dit verkeerd.

God oordeel wel. En God skryf die sonde nie goedkoop af nie.

God oordeel sy Seun. Die Lam van God dra die sonde en die straf van die wêreld weg.

Kyk, dit staan al byna in soveel woorde in verse 31 tot 34 — want die hele Bybel staan op elke ..dsy van die Bybel. Net al duideliker tot die kruis op Golgota staan en die Gees van waarheid die harte met sy troos vul.

"Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda, en met al die nasies, 'n nuwe verbond sal sluit. Dit sal nie wees soos die verbond, die testament, die Ou Testament, wat Ek met hulle voorouers gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Nie omdat daardie verbond nie goed was nie, maar omdat hulle dáárdie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek het. Húlle het dit verbreek, al was *Ek* getrou aan hulle. Húlle het die verbond vernietig, vertrap, opgeskeur.

> *Glo u in die lewende God, die God met gevoel? Of glo u in die Groot Argitek van die Vrymesselaars of die Eerste Oorsaak van die filosowe?*

"Maar desondanks het Ek hulle liefgehad. Daarom sal die verbond wat Ek in die toekoms met hulle sal sluit só wees: Ek sal my woorde op hulle harte skryf, hulle dit letterlik op die hart druk, en dit in hulle gedagtes vaslê. My woord — dat Ek hulle God is en hulle my volk."

Die woorde wat die meeste in die Bybel voorkom. Beloftewoorde. Versekering. Heilige Gees-woorde. Nee, jy is nie meer 'n sondaar nie, jy is my kind, my volk; Ek is jou God. Want: Ek sal julle oortre-..ngs vergewe en nie meer aan julle sondes dink nie." (34)

Omdat die volle prys op Golgota betaal is.

En sedert Pinkster pleit die Gees by ons om te glo dat die volle prys betaal is. Dat God ons oortredings vergewe het, en nie meer aan ons sondes dink nie.

Ek wil so graag hê u moet dit baie mooi hoor: Die Gees van God, God wat by ons teenwoordig is, sê deur sy Woord, Hy druk dit op ons hart: Ek het julle oortredings vergewe. Ek dink nie meer aan julle sondes nie. Ek het julle lief. Ek het julle nog altyd liefgehad.

Gód sê so.

Glo u dit?

Of glo u God nie?

Van bl. 3

## CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

Wat wil ons nog hier byvoeg as Christus sélf gesê het: Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe — niemand kom by die Vader uit anders as deur Mý nie. (Joh. 16:23)

Hoekom sou ons dan iemand anders soek om ons sake by God te behartig as God self besluit het om sy Seun as ons enigste Saakgelastigde aan te wys? Kom, laat ons Hom nie verlaat en iemand anders aanneem nie, of liewer: iemand anders soek wat ons nooit as te nimmer sal vind nie. Want toe God Hóm aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is... Om iemand anders te soek, is om wyser as God te probeer wees. Ook om sy middelaar te vrees.

Ek het vry vertaal, geparafraseer en beklemtoon.

Nou die eienaardige frase oor die heiliges.

Onthou dat Guido de Brés teen die Katolieke geskryf het en met sy (jong) lewe moes boet. As hy sê ons moet die heiliges eer en nie onteer nie, is hy gewoon sarkasties. Om toegang by God te soek via die vrome heiliges, (by ons is dit net beperk tot die Bybelheiliges), is om hulle te onteer, want dít is 'n eer waarvoor hulle hartlik sal bedank — ook blykens hulle geskrifte in die Bybel. En dit is 'n wantroue in Christus. Ongeloof.

Dieselfde soort ongeloof waarin ons verval as ons nie ons heil in Christus nie, maar ons vrome bekering uit die sonde eer as voorwaarde om na Christus te gaan.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987*

# CHRISTUS SE TRIOMFTOG

DIE WOORD OOK VIR KINDERS BEDIEN

Kol. 2:6-15

As 'n mens 'n brief in die straat sou optel, 'n goeie brief, fynsinnig en onderhoudend, sal jy waarskynlik baie dinge in die brief nie verstaan nie.

Net so moeilik kan dit wees om te verstaan wat Paulus in Kol. 2:15 bedoel as hy sê dat God die bose magte ontwapen het ("uitgeklee" het, sê die Ou Vertaling), en hulle in die openbaar vertoon het, deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.

Veral vir kinders moet dit een groot stuk onverstaanbaarheid wees; soos so baie dinge en woorde in die kerk. ('n Student sê vir my woorde soos heilig, sonde, genade, boos ens. voel vir hom of dit alles dieselfde, dit is niks, beteken.)

> *'n Student sê vir my woorde soos heilig, sonde, genade, berou ens. voel vir hom of dit alles dieselfde, dit is niks nie beteken.*

Ewenwel, God het die bose magte ontwapen; Hy het hulle kaal uitgetrek; Hy het hulle publiek vir die mense gewys; Hy het hulle in die triomftog van Christus meegevoer, sê die Bybel.

Wat beteken dit tog?

Ek dink as 'n mens dié stukkie briefie in die straat optel, sal jy kan raai dat dit geskryf is vir bang mense. Mense wat bang is vir gewapende bose magte. Jy sal tog nie vir mense skryf dat slegte, bose magte se wapens afgevat is as jy nie rede het om te dink dat daardie mense bang is vir die gewapende bose magte nie?

Nou dít skryf Paulus aan die mensies in Kolosse — en in Suid-Afrika. Moenie bang wees nie, mense, die bose magte se wapens is gekonfiskeer. Christus het daarop beslag gelê. Generaal Jesus van Nasaret.

Het julle al gesien, Kolossers, hoe 'n Romeinse generaal wat 'n slag gewen het die verslae gevangenes nakend uittrek en hulle dan deur die strate marsjeer sodat almal kan sien dat hy die oorwinning behaal het?

Wel, dít het Jesus gedoen. Hy het die bose magte oorwin en verslaan, en hulle nakend uitgetrek, en hulle deur die strate van die wêreld gemarsjeer — in sy triomftog. Moenie meer bang wees nie. Kyk hoe hang hulle koppe. Hulle fut is uit. Die slag is gelewer, die koeël deur die kerk.

* * *

Maar waar is dié slag gelewer? Was dit in die vallei Jisreël waar die Armageddon moet plaasvind?

Nee, die slag het op Golgota plaasgevind. Op die kruis. Dit het só gebeur: Die Bose het 'n greep op die wêreld gekry, en op die mense van die wêreld. Hulle het teen God gerebelleer met 'n staatsgreep. En toe het God 'n ontsettingsmag gestuur om die wêreld te verlos. (Eintlik was dit God self wat gekom het. Toe Hy as mens gebore is, was daar 'n menigte engele wat dit kom vertel het, en wat altyd op gereedheidsgrondslag rondom Hom was.)

Maar toe die Bose magte, die besettingsmagte, besef dat God gekom het om hulle te verslaan, het hulle geweldig weerstand gebied. Hulle het geskreeu as Hy hulle uit die mense uitdryf: "Jesus, Seun van God, wat het ons met jou te doen? Wat kom pla jy ons voor?" Maar Hy het hulle uitgedryf, in die varke in, en oor die afgronde.

> *Moenie meer bang wees nie, mense van Suid-Afrika, Christus het die vyande verslaan. Kyk hoe hang hulle koppe. Hulle fut is uit.*

Toe het die Bose magte, in hierdie groot oorlog van lewe en dood, 'n baie slinkse plan gemaak. Hulle het die mense wat Hy kom verlos het, teen Hom opgesweep. Eers het hulle die vrome leiers opgesweep en aangehits, totdat die leiers, voordat hulle Hom nog verhoor het, besluit het om Hom dood te maak. En toe het die leiers die skare, die gepeupel, die gespuis, wat soos skape sonder 'n herder was,

en vir wie Jesus so dikwels so innig jammer was, omgepraat om te skree dat Jesus gekruisig moet w...d.

En toe het hulle gewen.

Die Bose magte het die veldslag van Jerusalem, Getsemane, Gabbata en Golgota gewen. Beslissend gewen. Generaal Joshua ben Joussef van Nasaret het gesneuwel. Hy is byna nakend uitgetrek en voor almal se oë die stadspoort uitgedryf, en toe heeltemal uitgetrek — want die soldate het sy klere onder mekaar verdeel en oor sy gewaad die lot gewerp — en toe het Hy aan die kruis gehang tot Hy dood was. Totdat Hy die laaste asem uitgeblaas het. Dit was nie sommer net 'n skyndood nie. Hy het hulle nie gebluf en toe skielik onverhoeds op die boewe toegeslaan nie. Hy het uitdruklik gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor, en toe het H sy hoof gebuig en gesterf.

> *Toe die Bose die slag van Golgota wen, het dit gedawer tot in die hel.*

Dit was 'n verskriklike slag wat die Bose geslaan het. Dit het gedawer tot in die hel. Die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan rooi soos bloed; die rotse het oopgeskeur, en die swaar gordyn van die tempel het vanself in uiterste rou middeldeur geskeur.

God was dood.

Die Bose magte het gewen.

E toe het hulle die Here begrawe, wat 'n mens net met dooies doen.

* * *

Nou hoe kan Paulus dan skrywe dat God die Bose magte verslaan het? Dit was dan net andersom?

Hy kan dit doen omdat Jesus die kwitansie vir die sonde was. Ons sonde.

Dit staan in vers 14. "Hy het die skuldbewys teen ons, met sy bewyse teen ons, tot niet gemaak. Hy het dit aan die kruis vasgespyker, en dit só vir goed weggeneem." Vers 13 sê dit net so duidelik — trouens dit word in Kolossense oor en oor gesê: "God het julle saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons ál ons sonde vergewe het." Die Living Bible s. "In this way God took away Satan's power to accuse you of sin, and God openly displayed to the whole world Christ's triumph at the cross, where your sins were all taken away."

Wie sê nog dat ons dwaal as ons sê dat ons op Golgota gered is? Selfs die Engelse Bybel sê so. Al ons sondes is daar weggeneem.

Hoe is dit moontlik? Hoe kan God wen as Hy verloor?

Omdat God die skuld van die mense betaal het. Op 'n manier is dit tog eenvoudig. Hy het geboet; Hy het (vir) die (hoon-) gelag betaal — dít is tog om te verloor. Hy het die Sondebok geword, die pakesel — op wie al die skuld gelaai is, en toe het Hy dit weggedra.

> *Wie sê nog dat ons dwaal as ons sê dat ons op Golgota gered is? Selfs die Engelse Bybel sê so.*

As mense God vermoor, word ál die skuld op één hoop gegooi, soos met 'n tregter. Dis soos 'n skare mense wat op 'n groot oop plein moord skree, en dit is alles sonde, maar as hulle op één plek saamdrom en hulle slaan daar iemand dood, en steek hom aan die brand, dan trek al die sonde saam op 'n hoop. Dan word dit die sonde van die wêreld.

En toe vergewe God die sonde.

Dit is die grootste wonderwerk wat ooit in die wêreld en in die geskiedenis gebeur het. Hierdie wonderwerk, dat God die moordende mense nie uitgewis en direk in die hel gegooi het nie, laat Jona in die vis, Daniël in die leeukuil, die byl wat gedryf en die son wat stilgestaan het, na kinderspeletjies lyk. In plaas daarvan dat God die mense doodgemaak het, het Hy Jesus lewendig gemaak, en toe het die opgestane Heer die kerk gestuur om dié vergifnis wêreldwyd te verkondig.

> *Die wonder dat God die moordende mense nie uitgewis en direk in die hel gegooi het nie, laat Jona in die vis, Daniël in die leeukuil, die byl wat gedryf en die son wat stilgestaan het, na kinderspeletjies lyk.*

Jy sien, dít is waarom Paulus kan sê God het met Jesus die Bose magte ontwapen, verslaan, kaal uitgetrek, en hulle in die triomftog meegevoer vir almal om te sien. Die Bose het sy tande stukkend gebyt op die kruis. Die Bose het sy hoogste troef gespeel, maar dit was nie hoog genoeg nie. Dit was maar drie sesse, 666, en God se troefkaart was 1000x1000.

So mensies van Kolosse, Kameeldrif, Bloemfontein, Johannesburg — moenie bang wees nie. Die Bose se dae is getel; hy het soos 'n bliksem uit die hemel geval.

* * *

Maar, Meneer die Bedienaar, hoe kry óns deel daaraan? Dit het so lank terug gebeur?

Die "hoe" staan in vers 12.

"Dit het by die doop gebeur. Julle is toe saam met Hom begrawe. En omdat julle by die doop by Hom ingelyf is — deel van sy lyf geword het —, het julle ook saam met Hom opgestaan." Met die doop het Hy dit vir julle makliker gemaak om te glo dat Hy dit vir júlle gedoen het. Want by die doop is jóú naam as begunstigde van die nuwe testament genoem.

> *Hoe kry ons deel aan wat Jesus gedoen het? Dit het so lank terug gebeur?*

Laaste vraag: Daar is dan nog so baie bose dinge rondom ons? Brandstigting, kommunisme, fasjisme, geweld en verharding, onbekeerlikheid, verraad en liefdeloosheid, kanker en trombose, en angs om die hart? Ek is so bang...

Dit is waarom Paulus die brief geskryf het. Sodat julle nie moet bang word as julle al dié dinge sien nie. Dáárom het hy gesê die Bose is ontwapen, die duiwels nakend oopgespalk, Christus het hulle op 'n triomftog op die kruis weggevoer, en hulle vernietig.

Jy moet dit gló man. Dit is waaroor die kerk gaan: gló. God sê, en ons glo. God sal tog nie 'n leuen vertel nie. Die seer om en aan jou is maar net die laaste stuiptrekkings van die Bose.

Glo my. Dis waar. Vee af jou trane.

**KATKISASIEBOEK** **Van bl. 1**

op Stellenbosch se naam as "keurder" voor in die boek verskyn, terwyl daar soveel dinge in die boek staan waarvan dit algemeen bekend is dat hy dit nie goedkeur nie. In antwoord daarop verander ds. Botha "keurder" na "adviseur", erken dat hulle weet dr. Theron stem nie met alles saam nie, maar sê dat as adviseurs verskillende advies gee, daar noodwendig 'n keuse gemaak moet word.

6. Ten slotte sê ds. Botha van Bybelkor, die skrywer van die boekie, dat die herskrywingskommissie van die Algemene Jeugkommissie van die Algemene Sinode dankbaar is vir alle kommentaar wat hulle ontvang, aandag daaraan gee, en dadelik regstellings maak.

* * *

Ek is veral dankbaar vir hierdie laaste opmerking wat 'n mens die vrymoedigheid gee om die volgende wenke en diagnose aan die skrywer en die kommissie deur te gee.

> *Die voorneme van die skrywer om 'n katkisasieboek te skryf wat ondubbelsinnig aantoon dat ons sekerheid buite onsself in Christus gefundeer is, word nie betwyfel nie, maar dit het hom nie geluk nie.*

1. Moenie vir standerd vyfleerlinge (of enige ander leerling) 'n boek skryf en voorskryf wat op twee stoele probeer sit nie. Dit verwar die kinders oneindig, veral as dit nogal verstaanbaar is, en kweek uiteindelik volwassenes waarvan die denkendes die kerk net nie meer ernstig neem nie. En as iets regtig so onverstaanbaar is soos ds. Botha sê, sê dit dan rond-uit vir die kinders.

2. Wees versigtiger dat die onderskeiding tussen indikatief en imperatief nie 'n skema word waarin die dwaling van sinergisme gegiet kan word nie. Dat God uitwys, doen en persent gee, én oproep, beteken nié dat God sy deel doen en dat ons dan óns kant ook moet bring nie. God het álles gedoen, Hy sê dit (indikatief) en dié evangelie roep ons op (imperatief), en smeek ons selfs om dit tog te glo. Indikatief en imperatief kompeteer nie met mekaar (soos in die boekie) nie. Die imperatief is in die indikatief gegrond.

3. Dink tog weer oor wat ons belydenisskrifte bedoel met "die duidelike leer van die Skrif" (simplicitas, claritas, selfs perspicuitas) voordat u die "dualisme" (ds. O'Reilly), die dubbelsinnigheid wat in die boekie na vore kom, op die rekening van die onverstaanbaarheid (obscuritas) van die Skrif plaas.

4. Moenie aanvaar dat as 'n mens skoolse teologie met verkleinwoordjies en opgeskote troetelwoordjies skryf, dit noodwendig vir kinders verstaanbaar is nie. Hulle verstaan dan net genoeg om verward en gefrustreerd te raak.

* * * **Na bl. 21**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# GOD IS MEER AS MY HART

1 Joh. 3:20

Ek kan nie onthou dat ek al ooit uit Johannes se eerste brief gepreek het nie. Maar onlangs lees ek 'n wonderlike verwysing raak na 1 Joh.3:20, en toe besluit ek om daaroor te preek; om dit met die mense te deel.

Omdat 'n mens nie net 'n paar woorde uit 'n Bybelbrief kan uithaal, en net daaroor kan preek nie, begin ek toe weer die hele brief lees. En met toenemende verbasing het ek byna die handdoek ingegooi. Ek kan die brief eenvoudig nie kleinkry nie. Ek kan stukkies en brokkies verstaan, maar ek kan nie die deurlopende argument snap nie.

> *Die literêre inkleding van 1 Johannes is 'n raaisel.*

Paulus se briewe is in die opsig veel makliker. Hy mag nog soveel ingewikkelde argumente gebruik, maar hy bly argumenteer. Dis gespierde briewe met inleidings, gedagte-ontwikkelings en konklusies.

Maar nie Johannes se eerste brief nie.

As dit nou net ék was wat so gedink het, dan sou ek maar stilgebly het, maar die gesaghebbende Ralph P. Martin se uitnemende navorsing in "New Testament Foundations" sê dieselfde. "The literary format of 1 John is ... a puzzle" (2,368)

* * *

Miskien is dit 'n meditasie, 'n soort Christelike dagdroom, van 'n baie ou man, wat met sy geestelike kinders praat.

Dít is in elk geval die indruk wat dit op my maak.

Die gryse Johannes prewel sy brief aan die gemeentes in Klein Asië. Hy is te oud al vir slimmighede. Hy argumenteer nie meer nie. Hy sê net oor en oor wat die essensie, die wese van die saak is. In 1:5 tot 2:29 praat hy oor die gemeenskap, die omgang met God wat lig is, en in 3:1 - 12 oor omgang met God wat liefde is.

En hy praat sirkelsgewys, nie skools nie. Die aste van die wieletjies wat draai in sy praat, is liefde - veral van hoofstuk 3 af. Johannes is immers die apostel van die liefde.

Eintlik wil hy net één ding sê, lyk dit my. Hy wil sê: Julle moet mekaar liefhê. Of miskien wil hy twee dinge sê: God het julle liefgehad, dáárom moet julle mekaar ook liefhê. Miskien is dít alles saam net een ding — God se liefde en ons liefde daarna. Twee gebooie wat aan mekaar gelyk staan.

Een ding wil Johannes nié sê nie: Hy wil nie sê dat ons God se liefde moet wen met ons liefde nie. Daar is geen sprake van nie. Inteendeel, in 4:10 sê hy uitdruklik: "Liefde beteken nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy óns liefgehad het..." (Groot Nieuws-vert.) en in 4:19: "Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."

Maar dan moet ons ook liefhê. As God ons eerste liefgehad het, dan moet ons ook liefhê. Dit kan tog nie anders nie.

* * *

Johannes maak dit vir ons baie moeilik. Hy draai nie doekies om nie. Hy is nie bereid om met 'n kluitjie in die riet weggestuur te word nie. Hy praat sonde en ontrou nie weg nie. Hy sê reguit: As jy sê jy het God lief, en jy haat jou broer, of jou vrou, jou naaste, dan lieg jy. Hoe kan jy God wat jy nie kan sien nie, liefhê, en jou sigbare naaste nie? Dis mos onsin man. Moenie vir my stories kom vertel nie.

> *Johannes wil net één ding sê: Dat ons moet liefhê. Maar wat hy nié wil sê nie, is dat ons God se liefde met ons liefde moet wen.*

Hy sê selfs dat 'n mens wat haat, 'n moordenaar is, en almal weet dat 'n moordenaar nie die ewige lewe in hom het nie.

Kom ons loop 'n paar treë op hierdie spoor agter Johannes aan:

* Elkeen wat regverdig lewe, is 'n kind van God. E'' ›en wat 'n goeie lewe lei. (2:29)

* Elkeen wat gelowig wag op Jesus; om weer te kom, hou homself rein, soos wat Jesus rein is. (3:3)

* Iemand wat in Christus is, hou nie aan met sonde doen nie. (3:6)

* Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly (3:9)

* Ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en in opregtheid (3:18).

* Die liefde vir God bestaan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam (5:3).

* Ons kan weet dat ons aan die ware God behoort as ons in opregtheid goeie dade doen, want dan het ons 'n goeie gewete voor God.

* * *

Gelukkig is dit nie al wat Johannes sê nie. As dit al was wat Johannes gesê het, sou dié briefie ons vernietig het.

Daar is ook nog 'n tweede spoor wat Johannes so al in die rondte loop...
Hy sê:

* Ons het Hom self gehoor, ons het Hom met ons eie oë gesien, en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Lewe (1:1). Daar is geen twyfel dat God se by ons op aarde was — om ons skuld te betaal nie.

* As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie (1:8).

* Jesus is die versoening vir hierdie sondes — nie net vir ons s'n nie, maar vir die sondes van die hele wêreld (2:2).

*God noem ons sy kinders, en ons is dit ook (3:1).

* Jesus het gekom om die sondes weg te neem (3:5).

*Die Seun van God het gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak (3:8).

* God is liefde. Hiérin het God sy liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê (4:9).

*Ons het niks te vrees van die oordeelsdag nie... Waar liefde is, daar is geen vrees nie; volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf 18).

* Hierdie brief skrywe ek aan julle dat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo. (5:13)

* * *

Daar het u dus nou die twee rye spore wat die gryse Johannes oopgetrap het.

Die eerste ry spreek ons aan; dit waarsku ons — dat ons vir die goeie en in die liefde moet lewe. Dat as ons dit nie doen nie, dat ons dan nie vrugte dra wat by die bekering pas nie, en dan is ons nie kinders van God nie. Kinders van God maak nie so nie. Kinders van God doen nie sonde nie.

Die tweede ry spore troos ons. Dit verseker ons dat God ons eerste liefgehad het, en, dus, ondanks ons sonde, en dat Jesus ons wis en seker kinders van die Vader gemaak het, en dat ons daarom die ewige lewe hét, en nie bang hoef te wees vir die oordeelsdag nie.

*Kom die twee rye spore wat Johannes trap, dan nie by mekaar uit nie?*

Nou is die groot vraag: Kom dié twee spore dan nêrens by mekaar uit nie? Hoe klop dit dan? Watter een van die twee weeg die swaarste? Is die bal nou in óns hande, of is dit in God se hande?

Nee, dit kom by mekaar uit. Dit kom bymekaar in 1 Joh. 3:20, ons teksvers. "As ons gewete ons veroordeel — God is groter as ons gewete, en Hy weet alles."

Kyk, my kinders, 'n mens kan nie sê dat jy 'n kind van God is, en dan soos die duiwel leef nie. Dan is jou gewete nie skoon nie. Ons liefde en geloof moet met dade bewys word. Dit mag nie net lippetaal wees nie. As ons 'n skoon gewete het, dan kan ons wéét dat ons aan die ware God behoort. 'n Mens moet 'n skoon gewete hê.

Hoesê?

Jy het nie 'n skoon gewete nie?

Jy probeer jou bes, jy probeer liefhê, maar jou gewete bly jou maar aankla? As dit nie te kort is nie,

is dit te lank? Die goeie wat jy wil doen, doen jy n nie, maar die kwade...

O, ek sien...

Nouja, luister my kind, "as ons gewete ons veroordeel — as ons God nie kan gedien kry met die ywer wat hoort nie — onthou dan: God is groter as ons gewete. God weet alles."

Moenie dat jou gewete jou vernietig nie. God weet méér as wat jou gewete weet, en tog sê Hy jy is sy kind.

Strewe na 'n skoon gewete, maar moenie dat jou gewete jou vernietig nie. As ons somtyds uit swakheid in sonde val, moet ons nie aan die genade twyfel of in die sonde bly lê nie. God het met ons 'n ewige verbond gemaak.

Die slegste in ons is aan God bekend, en tog gee Hy vir ons om. Wat ons nóú eers ontdek, was al die pad 'n ope geheim vir Hom. Moenie bang wees vir God nie. Dit was toe Hy die graf, en die moord in jou hart gesien het, dat Hy sy Seun gegee het.

*Twyfel, swyg swyg bange sorge*
*God die troue is my vrind*
*en sy Gees spreek diep verborge*
*dat ek ewig is Gods kind*
*Hoe my skuld my hart laat twyfel*
*Vrees vir straf laat my nie weifel*
*Want ek weet in sondesmart*
*God is meerder as my hart*

My kinders, julle moet mekaar liefhê. Laat staan tog al die argumente. Julle moet mekaar liefhê. God het julle eerste liefgehad — daarom moet julle mekaar liefhê. Liefhê... Liefhê...

---

## KATKISASIEBOEK Van bl. 18

Ek sal nou probeer om die stellings wat ek hierbo gemaak het, uit die boek self te illustreer.


Die handboekie, wat 190 bladsye beslaan, handel agtereenvolgens oor kategese, die geïnspireerde Skrif, Skrifgebruik, belydenisskrifte, Heidelbergse Kategismus vraag 1, die wet, die sonde, die sondaar, straf, verlorenheid, moontlike verlossing, Jesus, Jesus mý Heer, sy lyding, sy verhoging, sy wederkoms; dan geloof en Heilige Gees (as brug van die eeue), die doop, weer die geloof, bekering, vergifnis en gte dra. In die breë dus die grondpatroon van sonde, verlossing en dankbaarheid. En tog in 'n eienaardige en vreemde toonaard.

In die Heidelbergse Kategismus, georiënteer aan die brief aan die Romeine, is daar 'n eenvoudige gedagtegang: Ek behoort aan Jesus Christus vir tyd en ewigheid omdat Hy my met sy bloed gekoop hét. Sonder die redding op die kruis, was en is ek onherroeplik verlore in die sonde en al my pogings om self daar uit te kom, laat my net dieper in die wilsand wegsak. Maar God het my met Jesus gered, eens en vir altyd, en dit aan my laat verkondig om geglo te word. Hy het die glo sakramenteel versterk en daarom sal ek Hom met hart en siel probeer dien en eer in die gees van sy wet.

Dis tog eenvoudig. As 'n mens 190 bladsye het, behoort jy dit ondubbelsinnig aan standerd vyfs te kan oorbring, wat die nuwe katkisasieboekie nie doen nie.

### Kategese

leerboek sê die kinders is in die kategese omdat die Here so 'n opdrag gegee het en omdat hulle ouers beloof het om hulle te stuur — dus 'n relasie van opdrag en gehoorsaamheid in plaas van belofte en geloof.




### Skrifinspirasie

In plaas van om oor die wonder te praat dat God hoegenaamd met die mense gepraat het na die sondeval, verkoop van Josef, goue kalf, ballingskap, en kruisiging van Christus, word die Bybel aangedien as 'n handige "geïnspireerde" naslaanwerk wat jou die "antwoorde" gee oor hoe "om die Here gelukkig te maak". (12,55,56,68,71,180)

### Skrifgebruik

D word gekonsentreer op die noodsaak van Bybelstudie, bv. op die rasionele sg. Sweedse metode, wat 'n swaard, snoeiskêr en operasiemes in jou hand gee en jou skoon brand. Nie 'n woord word van die Bybel as troosboek wat trane afvee, gesê nie; die grondtendens van die boek is nie evangelies nie, maar oorheersend wettisisties. "Jy moet *gehoorsaam doen* wat die Here sê: los die sonde, voer sy opdrag uit." (24)

> *Die geleerde onderskeiding tussen indikatief en imperatief, beteken nie dat God en mens "kompeteer" nie. Die imperatief is in die indikatief gegrond; die nuwe gehoorsaamheid in die genade.*

### Belydenisskrifte

D belydenisskrifte word 'n "opsomming" van die Bybel genoem en die kerk se "opinie". Die hele les kom nooit sy skoolse inslag te bowe nie. Dis nuttig om 'n belydenis te hê want nou weet ons wat reg en verkeerd is. (33) Dit vat alles "netjies" onder een punt saam. (32) Dat belydenisse aan die kerk ontpers en meesal in bloed geskryf word, is hier geen spoor van nie.

### HK vraag 1

Hoewel die antwoord op die eerste vraag van die Kategismus korrek (in sy voldongenheid) aangehaal word, lê die nuwe leerboekie van die kerk dit as 'n *moontlikheid* uit. Troos beteken gelukkig wees, en dit *kan* jou deel *word as* jy aan Jesus behoort. Die HK sê Jesus Christus hét (gedoen) maar "Ken en Vertrou" sê Hy *kan* en *wil doen* (37). "Daarom, as jy regtig gelukkig wil wees, moet jy by hierdie God uitkom en aan Hom behoort" (38) en "dis te sê ás jy aan Hom behoort" (39). "As jy nie seker is aan wie jy behoort nie, dan behoort jy nog nie regtig aan Jesus nie". (40) In plaas daarvan dat die kerk dus aan sy kind verkondig dat hy i Jesus sy getroue Saligmaker behoort, verwag hy van die kind om dit te bewerkstellig. Dusver word nog nie gesê hoe nie. Boaan bl. 46 staan 'n eensame opskriffie "ek behoort aan Jesus", maar die vlaggie dek die ladinkie nie.

### Die Wet

Die Bybel is God se wil vir jou lewe, maar omdat die Bybel so "dik" is, met "duisende goed in", het God dit opgesom in tien punte, sy "tienpuntplan". Hierdie Skrifbeskouing is nuus vir my en as dít nie moralisme voed nie, sal dit my verbaas. Van die genade-inleiding van die Tien Woorde van God se verbond, word niks gesê nie. Snaaks genoeg word ook nie gesê dat 'n tafel 'n tabula, 'n tabél is nie. Miskien moet 'n mens dit maar vir standerd vyfs sê. Straks dink hulle dit was 'n tafel.

Noodgedwonge moet die behandeling van die wet afstuur op kennis van die sonde, op die onmag van die mens. Maar dit gebeur nie skerp en belynd nie. So sterk is die moralistiese inslag van die boekie dat op weg na die bankrotverkla-j van die mens geskryf kan word: "Jy kan die Here se wet eintlik liefhê ... Hoekom? Want die wet verduidelik hoe jy God en jou naaste kan liefhê. En jy het mos die Here lief! En omdat jy die Here liefhet, wil jy graag doen wat Hom gelukkig sal maak. Daarom is die Here se wet nie iets moeiliks nie. Dit verduidelik vir jou hoe om iets te doen wat jy regtig graag wil doen: liefhê." (56) Hoe oorreed jy so een later dat hy 'n aartssondaar is? En tog word dit probeer.

### Die sonde

+ bl 27

Sonde is ongehoorsaamheid aan God se wil. (Nie ten diepste ongeloof nie.) Onontkombaar is die indruk dat die wil van God arbitrêre opdraggies is. "As die Here nie sy wet vir ons gegee het nie, sou jy nooit geweet het wanneer jy God hartseer maak nie." (60)

### Die sondaar

Op een of ander manier word die outjie wat God so graag wil liefhê en dit so maklik kan doen, nou vertel dat hy tóg 'n sondaar is "*wanneer* jy (hy) sonde doen" (61); maar dis ook ons eerste voorouers se skuld. (64) Hoe sondig ons regtig is, word nou aangedurf en "gelukkig" hoef mens dit nie te raai nie. Sê nou net mens moes. Die Kategismus dwing gelukkig die regte antwoord af. "Ons kan glad nie self vir God gelukkig maak nie." (68)

### TENSY! (69)

Nou volg 'n stukkie ongewone (hoewel nie onbekende nie) wedergeboorte-teologie. *Tensy* jy weer gebore word. Dus: Jy is 'n resloos verlore sondaar, behalwe as jy... tot bekering kom! (69) Van wedergeboorte verstaan standerd vyfs maar min, ek gee toe, maar van bekering weet hulle baie goed. Hulle het dit by die ACSV geleer. Jy is 'n verlore sondaar, maar as jy tot bekering kom... En tog sê die leerboek "dis nie iets wat jy self kan doen nie." "Net God kan dit doen." (69) Sal die boekie dit nou belowe?

Nee, hy glip oor die probleem heen. Die brandendste vraag in die standerd vyfie se hart. Wat kan ék daaraan doen?

Kyk mooi: "Hoe kan dit gebeur? 2 Kor. 5:17 sal die geheim vir jou duidelik maak. Wat moet eers plaasvind voordat jy 'n nuwe mens kan word?" (69) Die applikant moet dan die vers lees wat praat van 'n nuwe mens, en neerskryf wanneer iemand 'n nuwe mens is. Dus, klaarblyklik, wat die *voorwaarde* is om 'n nuwe mens te word: "wat eers moet gebeur..." 2 Kor. 5:17 sê: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens." Die bedoeling van die boekie is dus baie duidelik: Sorg dat jy aan Christus behoort en die voorwaarde om weer gebore te word, is nagekom. Maar vers 18 sê "dit alles is die werk van God". En die Kategismus sê 1 Kor. 1:30 sê dit is aan Gód te danke dat ons met Christus Jesus verenig is. Openbaring sê Hy het ons met sy bloed gekoop. (Wat die boekie heelwat later ook onthou.)

> *Teologiese verkleinwoordjies en opgeskote troetelwoordjies red nie 'n kinderboek nie.*

Wat het die boekie dus gedoen? Hy het op die kardinaalste punt die indikatief met 'n imperatief verwar (om sy taal te gebruik) én die kinders verwar en daarmee onbruikbaar geword. Die proef op die som is as hy op bl. 70 aan die kinders vra: "Is jy nog 'n ou mens, of is jy dalk al 'n nuwe mens?" in plaas daarvan om, soos Paulus aan hulle te verkondig dat hulle nuwe mense is — om geglo te word.

Die res van die les, inklusief die verkeerde uitleg van Rom. 7 doen niks hieraan af nie. Die kinders bly sit met die idee dat

die alles-beslissende wedergeboorte wag om te begin gebeur sodra hulle tot bekering gekom, met die sonde klaargespeel lesus aangeneem het. Want, aldus hierdie teologie in die kleine, is die prediking in die kategese medeling *oor* die heil in plaas van mededeling *van* die heil.

Eintlik is dit skokkend. God sê ons is dood in die sonde en die misdade, maar Hý sal ons weer laat lewe, en die kerk wil die kinders leer hoe hulle, die dooies, God moet help om dit te doen. Het woorde dan nie betekenis nie?

### Straf

God straf sonde "omdat die sonde vir God so 'n vreeslike lelike ding is". (76) Maar Jesus Christus het die straf in jou plek ontvang. Jou sonde is dus klaar gestraf. (76/7) Dit is die kortste en die beste hoofstuk in die boek. Al wat ek betwyfel is die wysheid om die straf 'n belofte van God te noem wat Hy net so seker sal nakom soos sy "ander beloftes". (73) My indruk is dat die Bybel God bekend maak as die God wat berou het oor die onheil, haastig is om te vergewe en net tot in die derde, hoogstens die vierde geslag straf.

### Verlorenheid

Wat 'n mens by die bespreking van die wet hierbo voorspel en verwag het, en wat hier en daar deurgeskemer het, kom nou na vore. Dit is "onmoontlik ... om jouself te red. Al probeer jy ook hoe hard en opreg, sal jy jouself nooit in die hemel kan kry nie" (79), want jou sondes bou "amper" 'n muur tussen jou en God. (80)

> *Dwarsdeur die boek word die kind aangespoor om die Here gelukkig te maak. Oorskry dit nie die grens van behoorlikheid nie?*

"Om in die hemel toegelaat te word, is daar sekere (arbitrêre?) vereistes waaraan 'n mens moet voldoen" (81), die v[illegible] van God, en jy sal agterkom dat jy dit nie volkome kan n[illegible]kry nie. Dit is dán dat jy besef "dat jy êrens sal moet hulp soek en kry ... Iets sal gedoen moet word." (82) (Let wel: Nie: Iets is al gedoen nie.) En "God gaan nie sy besluite oor hoe mense in die hemel kan kom, verander nie." (82) Hy is soos 'n onderwyser wat weier om 'n nuwe vraestel op te stel. So, "as jy in die hemel wil kom..." (Sê die Dordtse Leerreëls en die NGB nie dít is sondige selfliefde nie?)

Jy moet dus hulp kry — iemand wat die vereistes in jou plek nagekom het. Maar dan is daar "nog steeds twee dinge wat jy sal moet doen. Jy sal eers die kaartjie by dié persoon moet neem ... en, as jy goeie maniere het, sal jy ook vir daardie persoon baie dankie moet sê." (83)

Die grens van verlorenheid na verlossing word dus versigtig al oorgesteek.

### Verlossingsmoontlikheid

So kom ons weer eens by die moontlikheid van verlossing. boekie het iets van 'n wenteltrapstruktuur (vgl. bl. 123 — jy kan nie jou pen stil genoeg hou nie).

"Niemand wil graag hel toe gaan nie" (86) soos ons reeds gesien het. "Daar is nou net een uitweg: as die mens die hel wil vryspring, sal hy iets of iemand anders moet kry om te keer dat hy daar beland" (87); iemand wat namens jou optree "om iets te kry wat jy graag wil hê." (88) (Wil sondaars regtig graag die hemel hê?)

Voorts word die standaard vereistes behandel dat hy mens en " 'n God" (90) moet wees, en dan kan die katkisant 'n klas bywoon waar jy "vir jou 'n middelaar en verlosser kan kies" (91), wat tog nie dieselfde betekenis het as HK 5:15 nie.

> *Hoewel daar af en toe op die afgehandelde redding van die verlede gewys word, is die boekie angstig om die redding eerder as 'n toekomsmoontlikheid voor te hou. Dit lei daartoe dat selfs van die nuwe vertaling van die belydenisskrifte afgewyk word.*

### Jesus

In die hersieningsles staan: "En, as jy 'n gelowige kind van die Here is, besef jy ook opnuut hoe lief God vir jou gehad het." (97) Dus nie: Glo hoe lief God jou gehad het nie, maar ás jy glo, dan...

Les 16, "Wat weet ons van Jesus?" is 'n kursoriese oorsig oor Jesus se lewe en werk wat aan die einde so geplooi word dat die moontlikheid bestaan dat 'n mens "familie" van Jesus kan word (105), en die drie ampte van Christus maak ruimte vir 'n lessie by. oor hoe om "elke dag beter vir God te lewe." (106) Die Kategismus vra ook wat dit beteken dat jy 'n Christen genoem word, maar hy doen dit na die ondubbelsinnige lofsang op die eensydige verlossingsdaad van God in Christus.

### Jesus as mý Heer

Na drie eienaardige daglessies oor die Pa-en-Seun verhouding (Hepp redivivus?) en die "foto" van God, begin die vierde daglessie met: "Nou gebeur die wonderwerk!" Hierdie wonderwerk is nie dat God die mense wat sy Seun doodmaak nie doodmaak nie en sy Seun lewend aan hulle teruggee en hulle met sy dood red nie, die wonderwerk is dat "elke mens wat deur die geloof aan Jesus Christus vasgemaak word" die voorreg kry om een van God se kinders te word — met foutiewe aanwending van die Galasiërbrief (3:26) en die arme Joh. 1:12 natuurlik. En die lesertjie word voorgesê dat hy nou seker verstaan waarom die nuus oor Jesus "evangelie" genoem word. Dis goeie nuus *mits* jy dit glo. (111) Dis nie die goeie nuus dat God sy goddelose vyande regverdig en dat jý dit ook mag glo nie. Jy mag dit eers glo as jy met die sonde klaarspeel en in Jesus glo. En tog staan daar net op die volgende bladsy: Jesus is jou eienaar "omdat Hy jou gekoop het. Hy het 'n duur prys vir jou betaal. Daarom behoort jy aan Hom." (112)

*"Maar."* Dit was toe te goed om waar te wees. "Maar Jesus wil nie sommer net die naam hê dat Hy Here is nie. Nee, Hy wil jóú Here wees ... As Jesus ook jou Here is omdat jy met jou hele lewe aan Hom alleen behoort, mag jy..." (ibid!) Jy is dus nie syne net omdat Hy jou gekoop het nie, maar, aanvullend, omdat jy jouself aan Hom gegee het. Dis soos verligte slawerny. "Wanneer jy verklaar dat Jesus jou Here is, dan sê jy terselfdertyd dat jy graag Jesus se slaaf wil wees." (113)

Al hierdie pynlike verwringing net omdat die Reformasie R~me nie afdoende geantwoord het dat die belydenis van ( genade alléén nie sorgelose mense sal kweek nie.

## Sy lyding

Oor die sistematiek het ek dusver min gesê. Ek het die lessies maar so op die voet gevolg. Maar as die boekie nou met die kategese op grond van die doop, en die doop op grond van die Woord (van die kruis) begin het, en dán by die geloof en dankbaarheid uitgekom het, dink ek dit sou beter gewerk het as die onderhawige. Dit voel nou so al agteruit soos Kroniek van Perdepoort.

Die lessies heet: Hy word een van ons, Hy ly vir ons, Hy sterwe vir ons, Hy is vir ons begrawe, Hy daal neer na die hel. Dis goed so. Maar was dit nou regtig nodig om sowat 'n dagles-lengte aan die piëtis Nicolaus Ludwig Zinzendorf af te staan? Voor 'n skildery van die gekruisigde Christus: "Dit het Hy vir jou gedoen. Wat doen jy vir Hom?"

> *Wedergeboorte en bekering word met mekaar vereenselwig wat tot groot verwarring kan lei. Die kind sal weinig begrip kry dat wedergeboorte 'n belofte van God is — wat op die kruis 'n aanvang geneem het.*

## Sy verhoging

Dit handel konvensioneel oor opstanding, omwandeling, hemelvaart, sit aan die regterhand en weerkoms met weinig aksent op troos behalwe in die aanhalings van die Kategismus in dagles 7.

## Weerkoms

Wat die kerk se troudag genoem word. "Jy was seker al by '· troue ... 'n troue is nou eenmaal 'n gawe geleentheid." ( ·0) Verder weinig opwindend. Merkwaardig dat slegs geloof by die eindoordeel in ag geneem word, goeie werke nié. (132) Maar dié geloof "bepaal wat van jou gaan word" — terwyl art. 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uitdruklik sê dat dit nié die geloof is wat red nie. Die leerboekie sê dit ook later, as hy 'n wyle op 'n ander stoel sit.

## Geloof — "Brug van die eeue"

Dit is 'n baie belangrike hoofstuk en die vraagstelling sinvol. "Hoe kan Jesus se lewe van lank gelede my vandag verlos?... Op die een of ander manier moet ons 'n brug, 'n verbinding, tussen die twee punte kry om hulle by mekaar uit te bring." (137)

Dit werk só: Vader, Seun en Heilige Gees het saam gewerk om "iets met jou verlossing te doen" te hê. ("Die pragtigste voorbeeld van samewerking.") Die Vader het alles vooraf "haarfyn uitgewerk" en "Hy het jou uitverkies om gered te word". (138 én 140)

Terwyl ek my hande in blydskap klap, vryf ek my oë uit. Met dr. Sarel Eloff voorsitter van die herskrywingskommissie? Wat het geword van sy beswaardheid omdat ek dít in Die Kerkbode durf skryf het?

Jesus Christus neem met sy bloed aan die kruis al jou sonde weg, "sodat jy soos 'n silwer skoon mens voor God kan staan." (139)

So far so good.

"Jesus het nie halwe werk gedoen nie." Dit beteken: "Hy het alles wat *moontlik* is (nie nodig nie), gedoen om sondaars te red."

Tog gaan daar nog mense verlore — wat waar is, maar die leerboek se rede daarvoor is onwaar: "Dit is omdat hulle nie die brug tussen hulle en wat Jesus gedoen het, *ontdek* het nie." (140 — ek beklemtoon) Dis nie omdat hulle die brug nie ontdek het nie — dan het hulle in die geloof geglo — dis omdat hulle nie wou glo dat Jesus álles gedoen het nie. Hulle wou hulle nie laat red nie.

Nou spring ons na "die Brugbouer". "Die beplanning is goed gedoen. Die werk is noukeurig uitgevoer. Maar daar kort nog iets: die brug — die brug tussen wat gedoen is en jou!" (140)

Die Heilige Gees bou hierdie brug. Hý is eintlik sélf die brug. Hy sorg dat Jesus Christus se verlossingswerk vir jou persoonlik betekenis het.

Korrek.


Die volgende dagles sê die brug se naam is "geloof". Hoewel dit jý is wat moet glo, is die geloof 'n present wat God aan ons gee. Nou onthou die boek art. 22 NGB en sê baie onoortuigend "jy sal sommer dadelik snap" dis nie die brug, die geloof wat jou gaan red nie. Waarom sal die kind dit nie dink nie? Alles gaan dan oor die soektog na die brug? Nee, sê die boekie, "geloof is maar net die manier hoe Jesus se werk om jou te verlos, by jou uitkom." Anders gesê: "Jou geloof is die geestelike hande waarmee jy die verlossing wat Jesus reeds klaar uitgewerk het, kan vasvat en jou eie maak."(141)

In hierdie kardinale hoofstuk is waarheid en halwe waarheid so verstrengel dat dit fyn korrel vat om die sout op die slakkie te kry. 'n Mens maak nié die verlossing jou eie nie. Jesus het dit self op jou naam gekrediteer. Dít is waarvan die Heilige Gees jou verseker.

> *Die proses waarin die kind 'n kind van God word, kan vergelyk word met verligte slawerny. Die Eienaar koop die slaaf ten duurste met sy bloed, maar die slaaf is nie sy eiendom as die slaaf nie ook sy toestemming verleen nie.*

Voorts word die brug in "dele" opgebreek. Drie dele, die drie dinge wat jy moet weet om salig te *kan* lewe en sterwe. ("Opdat gij in dezen troost zalig leven en sterven moogt?") In die lig van die "moogt" is die "kan" hierbo al twyfelagtig maar dit staan in die amptelike nuwe Afrikaanse vertaling. Die tweede deel van die brug se "kan" ("hoe ek van al my sonde ... verlos *kan* word") staan egter nie in die nuwe vertaling nie. By navraag het die skrywer, ds. Botha, bevestig dat hulle net die nuwe vertaling gevolg het. Hy sê hierdie

"kan" is 'n lapsus, 'n glips dus. 'n Flater wat mooi inpas in die hele patroon van die hele boekie — wat die verwer-·ing van die saligheid graag vooruit skuif en besonder sen-..tief is daarvoor dat dit tog nie 'n afgehandelde saak moet wees (wat geglo kan word) nie. Nes die Rooms-Katolieke met die mis.




Die herparafrasering van HK 1:2 bevestig wat ek hierbo ge-·ryf het: "1. Jy moet weet dat jy God baie nodig het; .. Jy moet met jou nood na Hom toe gaan. *Hy kan help.* (Ek kursiveer) 3. Wanneer jy gehelp is, kan jy dit nie daar los nie. Jy *moet* (ek kursiveer) dankbaar wees ... en daarvolgens lewe." (142)

> *Sou dr. Sarel Eloff die boek gelees het? Hoe kan hy dit goedkeur dat 'n mens aan die kind sê hy is uitverkies?*

Kan dit waarlik wees dat 'n Gereformeerde kerk die redding van Christus sonder protes afswak na hulp, dit van die kruis af verskuif en die dankbaarheid moraliseer tot 'n "moet"? Sê die belydenis nie sál nie?

Iemand moes dit aangevoel het, want net die volgende paragraaf praat van Christus wat jou verlos "het". Kan iemand die kinders kwalik neem as hulle nie kan agterkom of dit u "het" of "kan", "moet" of "sal" is nie? As AKLAS, na wie die saak volgens ds. Botha verwys is, op 'n dag uitsluitsel gee, sal dit minstens die kinders help om te weet of ons gered is, of hulle dit maar mag glo, en of hulle nog gered moet word. Dis tog 'n baie eenvoudige vraagstelling. M.i. is die belydenis daar kinderlik eenvoudig oor: Jesus hét ons gered op Golgota en ons mág dit in die hede glo en dan sál ons vrugte dra. Dis net as die kerk op twee stoele bly sit dat dit so verbysterend onmoontlik word om dit aan standerd vyfs te verduidelik soos ds. Botha kla.

> *Kan dit waarlik gebeur dat 'n Gereformeerde kerk die redding van Christus sonder protes afswak tot hulp, dit van die kruis af verskuif en die dankbaarheid moraliseer tot 'n "moet"?*

Die daaropvolgende paragraaf vat die verwarring saam deur te sê dat ons probeer kyk het hoe die verlossing wat Jesus "uitgewerk" het, "joune *kan* word". Dit gebeur naamlik deur die Heilige Gees wat aan jou "die wonderlike present van *geloof* gee", en die les stel in vooruitsig dat daar in die volgende module (húlle woord) gekyk gaan word hoe jy 'n verloste kind van God "kan wees". "Ons gaan kyk waar die brug na God toe is *en wat jy moet doen om daaroor te loop.*"

Maar Meneer, het Meneer dan nie gesê die Heilige Gees gee aan ons die brug en die loop present nie? Waarom moet ons dit dan soek? Is die present êrens weggesteek? En, Meneer, wat is die verskil tussen 'n brug en 'n pad? Jesus het dan gesê Hý is die Weg, die Pad?

> *Ons belydenis is kinderlik eenvoudig oor die redding. Dis net as die kerk op twee stoele bly sit dat dit so verbysterend onmoontlik word om dit aan standerd vyfs te verduidelik.*

My kind, die Heilige Gees praat met jou met die evangelie. Hy praat die evangelie, en Hy praat jou om. Hy praat jou ore oop tot jy nie anders kan as om te glo nie. Geloof is nie 'n donasie, 'n donum superadditum nie.

**In die volgende uitgawe van Swart op Wit (Mei DV) word die bespreking voortgesit en afgesluit met 'n ontleding van die taal en styl van die nuwe leerboekie "Ken en Vertrou".**

## NAGMAAL EN PREEK

**As elke preek nie 'n nagmaalpreek kan wees nie, verkondig hy nie die evangelie nie. Want die nagmaal sertifiseer die evangelie swart op wit.**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# ONS VADER EN ONS BROERS

Die Predikant is met Studieverlof en ek neem die Belydenisklas waar. (Predikante is ook maar dom. Hulle moet baie studeer en eksamens skryf en so aan.) Ek is ook dom want dit het my dae geneem om voor te berei vir die klas.

Ek moet aan die kinders verduidelik waarom daar gepraat word van Ons en hoedat dit ons eintlik Broers en Susters van Jesus Christus maak. En ook broers en susters van alle Christen gelowiges. Ek vra die klas waarom ons nie die term Broer en Suster meer algemeen tussen mekaar gebruik nie. Een van die gedagtes is dat ons bang is om vroom of sektaries voor te kom. Hoe jammer dat dit die geval is.

As ons dan nou broers en susters van mede gelowiges is hoe is dit moontlik dat ons ons broers en susters gesamentlike aanbidding kan ontsê. Dit is tog so 'n eenvoudige saak en hoe meer daaroor gerasionaliseer word met lang en geleerde gedagtes en woorde hoe duideliker word dit dat ons met sonde besig is en niks anders nie.

Pierre de Villiers
DOUGLAS

# VASSTEEK EN VERBY

Ek hoor enkele wyse geeste lag vir my, en vra die studente om dit ook te doen, omdat ek by Noordmans vasgesteek het. Sou dit beteken dat hulle al [illegible], hom verby is? Waarom sien mens dit dan nie in hulle bronnelyste nie? Hulle is seker nou al by Andrew Murray.

# DIE VERLOSSINGPLAN

As ons preek oor die verlossingsplan van God moet dit nie wees om God uit te beeld as die groot plannemaker nie. Veral nie as dié plan dan nog lomp, vreemd en half onlogies voorgestel word nie — soos 'n hinderniswedloop vol snaaksighede wat God opgestel het om ons te toets. Dit word dan die "vereistes" genoem wat God stel, en as iemand vreemd opkyk, sê die leraar: Dis nou eenmaal God se verlossingsplan, die pad wat God met ons wil loop.

Dat God in sy ewigheid 'n plan gemaak het om ons te red, word nie aan ons geopenbaar om ons te fassineer nie, maar om ons te troos. Hy het 'n plan gemaak — toe ons reddeloos en planloos van Hom af geval het hel toe. Hy sál ons red — nie omdat ons glo of tot bekering gekom het of gaan kom en sy wette gaan gehoorsaam nie, maar omdat dit sy plan was, en omdat Hy toe sy woord en sy Woord daarvoor gegee het. Ons word gered omdat God nóóit sy woord ontrou word nie.

Dit staan in soveel woorde in 2 Tim. 1:9: "Hy het ons gered ... nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het", wat die Living Bible korrek só parafraseer: "...not because we deserved it, but because that was his plan long before the world began — to show his love and kindness to us through Christ."

# WAT IS 'N SEKTE?

Dit is mense wat met die kerk gebreek het en wat die breuk nie meer as smart ervaar nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# DIE DRAMA VAN DIE VERLOSSING


As 'n mens praat oor die drama van die verlossing en oor hoe die duiwel die mense aangehits het om Christus te kruisig, is daar baie wat in die kerk grootgeword het, wat dit nie verstaan nie. Hulle sê dan: "Maar Hy móés mos gesterf het? Die Vader het Hom dan gestuur om vir ons sondes te kom sterf?" Hulle haal ook tekste aan wat dit bewys — dat Hy moes sterf ooreenkomstig die Skrifte.

Maar die Bybel is nie 'n een-dimensionele boek soos 'n werkswinkelhandleiding nie. 1 Kor. 2:8 bewys dit. Daar lees ons: "Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid (van God) geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie."

Die *sonde* het Jesus gekruisig. Ook jou en my sonde. Die wonder van die verlossing lê dáárin dat God ons wandade ten goede aangewend het, ooren goed-gedink het (Gen. 50:20). Van hierdie gesindheid in die hart van God het die profete geprofeteer — sodat die Kneg van die Here volgens die Skrifte gesterf én opgewek is.

# BYBEL EN SKEPPING

"Die skepping mag dalk 'n formidabele deel uitmaak van 'n vierdelige handboek vir Gereformeerde Dogmatiek. 'n Mens kan daar uitwei oor dinge en geeste, engele en mense en die hele natuur- en kultuurwetenskap ter sprake bring. Maar in die kerk en die preek *kan dit eenvoudig nie gebeur nie*. As ons daar begin om in die gebed God aan te roep as Skepper van hemel en aarde, dan wei ons nie verder uit oor alles wat God geskape het nie. Ons haas ons na die skuldbelydenis en in plaas van 'n natuurkundige en kulturele betoog, stuit ons op *die sonde*, terwyl alles daarna in die preek so gerangskik word dat ons van die skepping na die verlossing, van Adam na Christus haas en gedryf word. Dít is die gang van sake in die Bybel, wat een groot preek is. En van die Heidelbergse Kategismus wat 'n troosboek is van begin tot end." (Noordmans, in "Een Theologie in Discussie", 1970, saamgestel deur G. Puchinger, bl. 40)



ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/2 MAART 1987

# GEBED OOR 'N HOND

Here, ons God —

U sê dat ons hare getel is, en dat U weet van elke mossie wat op die aarde val. Dan sal U tog ook weet van ons hond wat op die grond bly lê het, totdat die geelsug in sy lewer, ná die koors, sy asem en sy hart versmoor het?

Sy groot hart wat so baie verstaan en liefgehad het.

Dankie dat U hierdie onvermengde stuk vreugde agt jaar lank aan ons geleen het; om saam deur die diep water te gaan en menigmaal aan die leiband van die Heilige Gees met sy nat neus te troos.

As dit so swaar was om, toe die gat diep genoeg was, sy liewe ou gesig uit die veearts se dierehospitaal se swart sak te ontbloot, en hom op te tel en in die gat in sy slaapkombers neer te lê en toe te maak, hoe swaar moet dit wees om jou kind te begrawe? Toe John Harrison die dag so met die wit kissie in sy groot arms voor ons uit na die oop graf e geloop het?

*Vergewe, Heer, dat ek so 'n onverbeterbare sondaar is.*

Dankie vir Bartel, die opreggeteelde Bokser/Boerboel, met die honderd emosies op sy swart gesig: lag, skaam, stout, huil, traak-my-nie, kamma woedend, verwyt, verleë, nuuskierigheid, blydskap oor hy saamgaan. Wis asseblief uit die verskriklike herinnering aan die moeg-tot-die-dood-toe op sy gesig, tot selfs die stukkie stertjie nie meer kon roer nie, net die groot bruin oë oplaas.

Troos ons asseblief want ons wil net bly huil. En Gerhard, daar ver in Bloemfontein weet nog nie eens nie.

En vergewe ons — dat ons dieper geraak is by die dood van ag, maar net 'n hond, as by die dood van baie mense. Vergewe my dat ek so 'n onverbeterbare sondaar is. Ek kan daar niks aan doen nie; ek kan dit net bely. Ek kan nie sommer so ophou hartseer wees oor my hond nie. Ek is nie trots daarop dat ek so min van liefde verstaan dat ek diep in my hart U en my mede-*mense* haat nie; maar 'n *hond*, 'n dooie hond kan ek liefhê. Vergewe tog.

U verstaan, ek weet. Hy was *altyd* hartstogtelik lief vir my. As ek baie weke weg was en hy staan met sy pote op my skouers en kyk diep in my oë, en hy laat my belowe dat ek dit nóóit weer aan hom sal doen nie.

Ek is soos 'n Fariseër, 'n tollenaar en 'n heiden. Ek het lief net wie mý liefhet.

Vergewe asseblief Here. En gee my geduld met die mense wat sulke lelike briewe oor my skryf in Die Kerkbode en suggereer en blatant sê dat ek sonde goedpraat en dit nie wil (laat) oorwin nie.

Kan hulle dan nie verstaan hoe groot ons sonde en ellende is nie? Kan hulle nie sien hoe ek voortdurend met my sonde na U toe vlug nie? Soos uit 'n stad wat brand, met die sonde soos 'n vrou aan my hand.

Vergewe asseblief Heer — omdat Jesus daarvoor betaal het.

AMEN